

Basiese Ekonomie

Bouwe van der Eems

Uitgawe 1, 2005

Titel: Basiese Ekonomie

Outeur: Bouwe van der Eems

Uitgewer: Bouwe van der Eems

Epos: bouwe.vandereems@gmail.com

Uitgawe: 1 – Januarie 2006

ISBN: 0-620-35977-3

Sinopsis: *'n Inleiding tot die basiese ekonomiese konsepte vanuit 'n bybelse en vrye mark perspektief. Basiese ekonomiese konsepte soos goedere, geld, banke, regerings, belasting, pensioenfondse, mediese fondse en besighede word uiteengesit op 'n eenvoudige manier vanuit 'n bybelse perspektief. Die raamwerk vir 'n besigheidplan word ook ingesluit as 'n appendix.*

Synopsis: *An introduction to basic economical concepts from a free market and biblical perspective in Afrikaans. Basic economical concepts such as goods, money, banks, governments, tax, pension funds, medical funds and business are explained from a biblical perspective. A framework for a business plan is included as an appendix.*



Inhoudsopgawe

Hoofstuk 1 :	Wat is ekonomie?	5
Hoofstuk 2 :	Goedere	8
A	Wat is goedere en hoe kan ons dit kry?	8
B	Hoe moet ons werk	9
C	Rykdom en armoede	10
D	Die verdeling van arbeid	11
Hoofstuk 3 :	Geld	14
A	Eienskappe van geld	14
B	Die goudstandaard	15
C	Probleme met die goudstandaard	16
D	Die Bretton Woods geldstelsel	16
E	Probleme met die Bretton Woods geldstelsel	17
F	Inflasie	18
G	Inflasie in die moderne staat	20
H	Kan inflasie verhoed word?	21
Hoofstuk 4 :	Banke	23
A	Waar banke vandaan kom	23
B	Probleme met banke	24
C	Die Fraksionele bankstelsel	26
D	Bankrekenings	28
Hoofstuk 5 :	Regerings en belasting	30
A	Verskillende soorte regerings	30
B	Die groei van belasting	32
C	Die geskiedenis van belasting	33
i	Verskillende soorte belasting	33
ii	Hoe belasting meer word	36
D	Belasting in Suid-Afrika	37
E	Belasting in die tyd van koning Salomo	39
F	Regeringskuld	40
G	Privatisering	41
H	Grondhervorming en bemagtiging.	42
Hoofstuk 6 :	Pensioenfondse, Voorsorgfondse en Mediese fondse	43
A	Wat is hierdie fondse?	43
B	Die effekte van vergrysing en VIGS	44
C	Die toekoms van fondse	46
Hoofstuk 7 :	Besigheid	48
A	Regspersone	48
B	Finansiële state	49
i	Die balansstaat	49
ii	Die inkomstesstaat	50
iii	Kontantvloeistaat	51
C	Besigheidsplan	51
Bylaag A :	Berekenings vir Fraksionele Bankstelsel	52
Bylaag B :	Berekening van saamgestelde rente	53
Bylaag C :	Renteberekenings vir lenings	54
Bylaag D :	Berekenings vir pensioenfondse	56

Bylaag E :	Raamwerk vir besigheidsplan	57
Afdeling I :	Opsomming	57
Afdeling II :	Algemene oorsig	57
A	Doelwitte	57
B	Sleutelfaktore vir sukses	57
Afdeling III :	Oorsig oor die besigheid	57
A	Oorsig van operasies	57
B	Eienaarskap van die besigheid	57
C	Plan hoe om die besigheid te begin	58
D	Geriewe van die besigheid	58
Afdeling IV :	Produkte en dienste	58
A	Beskrywing van produkte en dienste	58
B	Ontleding van kompetisie	58
C	Verkoopsmateriaal	58
D	Verskaffers en produksiemiddele	58
E	Tegnologie	58
F	Toekomstige produkte en dienste	58
Afdeling V :	Markanalise	59
A	Marksegmentasie	59
B	Strategie om teikenmark te bereik	59
i	Behoeftes van die mark	59
ii	Tendense in die mark	59
iii	Groeipotensiaal van die mark	59
C	Industrie analise	59
i	Spelers in die industrie	59
ii	Distribusiekanale wat gebruik word in industrie	59
Afdeling VI :	Strategie vir implementering	60
A	Strategiese piramides	60
B	Waardeproposisie	60
C	Voordeel bo kompetisie	60
D	Bemarkingstrategie	60
i	Posisionering	60
ii	Pryse	60
iii	Promosieplan	60
iv	Distribusieplan	61
E	Verkoopstrategie	61
v	Verkoopsprojeksies	61
vi	Verkoopsprogramme	61
Afdeling VII :	Bestuur	61
A	Organisasiestruktuur	61
B	Bestuurspan	61
C	Personeelplan	61
Afdeling VIII :	Finansiële plan	62
A	Belangrike aannames	62
B	Geprojekteerde inkomstes en uitgawes	62
C	Geprojekteerde kontantvloei	62
D	Geprojekteerde balansstaat	62
E	Berekening van gelykbreekpunt	62

Hoofstuk 1 : Wat is ekonomie?

Ekonomie gaan oor besluite van mense. Mense koop iets vir 'n sekere prys, omdat hulle besluit het dat die prys goed is. Mense verkoop iets, omdat hulle besluit het dat hy 'n goeie prys vir die ding kry. Mense wat goeie ekonomiese besluite neem, word ryk, en mense wat slegte ekonomiese besluite neem, word arm. As ek besluit om drank te koop vir die geld wat ek verdien, gaan ek arm bly, maar as ek besluit om daardie geld te belê, dan gaan ek ryk word.

As ons dus iets wil leer oor ekonomie, moet ek leer om goeie besluite te neem. Ek glo dat die bybel waar is, en dat die bybel die enigste boek is wat ons kan leer hoe om goeie besluite te neem. Dis om die rede dat ek ekonomie wil bestudeer vanuit die bybel.

Mense wat lewe volgens wat die bybel leer, neem beter besluite as mense wat hulle nie steur aan die bybel nie. Die Duitse filosoof Max Weber het bv. 'n boek geskryf met die titel : *“The protestant ethic and the spirit of Capitalism”*. In die boek wys hy dat dit die Calvinistiese waardes wat geglo is deur 'n groot deel van die bevolking van die VSA, wat gelei het tot die verstommende ekonomiese prestasie dat die VSA die grootste ekonomie in die wêreld geword het.




Figure 1 : Bruto Nasionale Produk per Kapita vir verskillende lande

Jy kan dit mooi sien in die kaart hierbo. Hierdie kaart wys die bruto nasionale produk per kapita vir verskillende lande. Die **bruto nasionale produk** van 'n land is die totale waarde van al die dinge wat in 'n land gemaak word. Suid Afrika se bruto nasionale produk in 2004 was R1200 biljoen. Die bruto nasionale produk per kapita is gemiddelde waarde wat een persoon in die land maak. Hierdie waarde wys vir ons hoe ryk 'n land is. Op die kaart is die groen lande ryk en die blou lande is arm.


Dis opmerklik dat die rykste lande in die wêreld oorwegend Christelike lande is. As mens mooi kyk na die syfers, word dit duidelik dat dit die protestantse lande is (die protestante is mense wat geïnteresseer is teen die Rooms Katolieke kerk) wat

die rykste is. Noord Amerika en Suid Amerika is beide Christelik, maar Noord Amerika is protestants en Suid Amerika is Rooms Katoliek. As mens verder kyk, sien jy dat die Calvinistiese lande ryker is as die ander protestantse lande. Die VSA en Kanada is bv. ryker as Brittanje (Anglikaans) en Duitsland (Luthers).

Die woord “ekonomie” kom van die Latynse woord “*oeconomia*”, wat afgelei is van die Griekse woord “*oikonomia*” wat die bestuur van die huishouding beteken. Die woord “*oikos*” beteken huis, en die woord “*nomos*” beteken bestuur. In plaas van die woord “bestuur”, kan die woord “regeer” of “heers” ook gebruik word.

God gee aan die man die opdrag om sy huis te regeer. (“*n Opsiener dan moet onberispelik wees, ..., een wat sy eie huis goed regeer en sy kinders met alle waardigheid in onderdanigheid hou.*” – 1 Tim 3:2-4) God gee egter nie slegs die opdrag dat ‘n man sy huis GOED moet regeer nie, maar God gee ook vir ons die beginsels waarmee ons kan uitwerk wat goed is, en wat kwaad is. Die vakgebied wat gaan oor goed en kwaad, noem ons etiek.

Caliviniste glo dat ‘n mens uit die bybel kan aflei wat goed en wat kwaad is. Alles wat ons moet weet van etiek kan ons dus uit die bybel aflei. Dit word so in die Art. 7 van die Nederlandse Geloofsbelydenis uiteengesit. “*Ons glo dat hierdie Heilige Skrif die wil van God volkome bevat en dat alles wat die mens vir sy saligheid moet glo, daarin voldoende geleer word. Aangesien die hele wyse waarop God deur ons gedien moet word, daarin breedvoerig beskrywe word, ...*”. Jesus Christus som die etiek op deur te sê dat om goed te doen beteken om God lief te hê en jou naaste lief te hê. Hiedie opsomming is vir ons verder uitgewerk in die tien gebooue, en nog verder in al die ander meer spesifieke wette wat in die bybel is. Ons moet ons naaste liefhê (Jesus se opsomming) deur nie van ons naaste te steel nie (10 gebooue) en vir die armes te gee (meer spesifieke wette).



Hoe om ‘n huis goed te regeer, kan dus uit die bybel afgelei word. Die regering van die huis bestaan uit baie aspekte, nl. die huwelikslewe, die opvoeding van die kinders, die bestuur van die goedere in die huis, ens. ens. Die woord ekonomie soos hy algemeen gebruik word dui egter nie op alle aspekte van die regering van ‘n huis nie. Dit word meer spesifiek gebruik om te dui op die beginsels wat handel oor hoe ons oor ons goedere moet regeer. Een van die 10 gebooue handel oor goedere, naamlik die 8ste gebod wat sê dat jy nie mag steel nie. Ekonomie kan dus gesien word as die uitwerking van die implikasies van die 8ste gebod. Ekonomie het egter ook te doen met ander gebooue, soos bv. die 4de gebod wat sê

Basiese Ekonomie

dat jy nie op die sabbat mag werk nie. Daarom is dit beter om te sê dat ekonomie handel oor die implikasies van die tien gebooie in die bestuur van goedere.

Ons kan dus die volgende sê van ekonomie:

- Ekonomie is 'n onderafdeling van die etiek, en gaan oor die uitwerking van al die implikasies van die tien gebooie in die bestuur van goedere.
- Al die beginsels vir die ekonomie kan uit die bybel afgelei word.

Ander onderafdelings van etiek kan op dieselfde manier geïdentifiseer word. Staatsleer gaan byvoorbeeld oor die uitwerking van die 10 gebooie (Jy mag nie steel nie, Jy mag nie doodslaan nie) in die regering oor 'n volk.

Hoofstuk 2 : Goedere

Om te verstaan hoe om goedere goed te bestuur, moet jy eers mooi verstaan wat goedere is.

A *Wat is goedere en hoe kan ons dit kry?*

Goedere is dinge soos kos, klere, huise, motors, boeke ens. Daar is baie verskillende soorte goedere. Goedere kan dood of lewendig wees. 'n Stoel is dood en 'n koei is lewendig. Goedere behoort aan mense. Soms kan mense ook aan ander mense behoort. 'n Slaaf is 'n mens wat aan iemand anders behoort. Goedere kan vas wees of beweegbaar wees. 'n Huis is vas, maar 'n stoel is beweegbaar. Goedere kan bederfbaar of nie-bederfbaar wees. Vrugte is bederfbaar terwyl skoene nie bederfbaar is nie.

Mense het verskillende goedere nodig. Mense het kos nodig om te eet. Mense het klere nodig om aan te trek. Mense het huise nodig om in te woon. Dit weet ons nie net uit onself nie, **maar ook omdat die bybel dit leer.**



Toe die mens sonder sonde was, het hy reeds kos nodig gehad. Met die skepping het God vir die mens kos gegee : *“Verder het God gesê: Ek gee nou aan julle al die plante wat saad gee, wat op die hele aarde is, en al die bome waar boomvrugte aan is, wat saad dra. Dit sal julle voedsel wees.”* (Gen. 1:29) Die mens sonder sonde het nie klere nodig gehad nie. Na die

sondeval het die mens egter ook klere nodig : *“En die HERE God het vir die mens en sy vrou rokke van vel gemaak en hulle dit aangetrek.”* (Gen 3:21)

Nadat die mens in sonde geval het, moet die mens werk om die goedere wat hy nodig het te verkry. *“In die sweet van jou aangesig sal jy brood eet ...”* (Gen. 3:19) en ook in die nuwe testament staan daar : *“Want ook toe ons by julle was, het ons julle dit altyd beveel: as iemand nie wil werk nie, moet hy ook nie eet nie.”*

Mense het dus goedere nodig, en om dit te in die hande te kry moet hy **daarvoor werk**. Sommige mense vind dit egter makliker om goedere te kry deur dit van ander mense te vat.

As jy goedere, waarvoor jy nie gewerk het nie, by iemand anders vat, dan steel jy. Die bybel leer vir ons dat dit **verkeerd is om te steel** : *“Jy mag nie steel nie.”* (Ex. 20:15) In die nuwe testament word hierdie twee dinge mooi saamgevat : *“Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.”* (Ef. 4:28)

As jy goedere, waarvoor jy nie gewerk het nie, by iemand kry, dan is reg. Jy kan sulke goedere kry as iemand dit vrywillig aan jou **skenk**, of as jy dit **erf**.

As jy goedere wil kry, moet jy daarvoor werk. Die teenoorgestelde is egter nie noodwendig waar nie, want nie almal wat hard werk kry baie goedere nie. As God die werk nie seën nie, is dit verniet. *“Die seën van die HERE—dit maak ryk, en*

moitevolle arbeid voeg daar niks by nie.” (Spr. 10:22) As ons werk, moet ons die seën van God op die werk kry, anders sal ons werk niks oplewer nie. As ons nie in ons gebede daarvoor vra nie, nie volgens Sy wette lewe nie en nie na die erediens gaan om die seën van God ontvang nie, dan is ons werk verniet.

B Hoe moet ons werk

Om goedere te kry, moet jy werk. Hoe beter jy werk, hoe meer kan jy verdien. As jy goed wil verdien, moet jy dus weet hoe om te werk. Daar is drie dinge wat jy moet weet oor werk:

- a) Werk op die regte manier.
- b) Werk op die regte tyd.
- c) Bid vir seën oor jou werk.

Om te verduidelik wat die regte manier van werk is, kan jy werkers opdeel in 4 tipes.

Tipe 1 : Hierdie werkers sien werk raak, en doen die werk. Hy sien bv. dat die vloer vuil is, en dan gaan haal hy self die besem om die vloer op te vee. Sy baas hoef amper niks te doen nie, omdat die werker alles raak sien ek doen wat nodig is.

Tipe 2 : Hierdie werker kry ‘n opdrag, doen die werk, en kom terug om te vra wat die volgende opdrag is. Hy sien bv. nie dat die vloer vuil is nie, maar nadat hy die vloer klaar skoongemaak het, gaan hy self terug na die baas om te hoor wat nog gedoen moet word. Sy baas moet dan rondkyk en uitwerk wat gedoen moet word, en dan die volgende opdrag gee.

Tipe 3 : Hierdie werker kry ‘n opdrag, doen die werk, en wag dan totdat die volgende hy die volgende opdrag kry. Hy sien bv. nie dat die vloer vuil is nie, maar nadat hy die vloer klaar skoongemaak het, gaan hy nie na die baas om te hoor wat nog gedoen moet word nie. Hy bly sit op sy plek. Sy baas moet gereeld gaan kyk of hy klaar is, en as hy sien dat die werker klaar is, moet hy die volgende opdrag gee.

Tipe 4 : Hierdie werker kry ‘n opdrag, doen die werk, en kruip dan weg, sodat die baas hom nie maklik kan kry om ‘n volgende opdrag te gee nie. Hy sien bv. nie dat die vloer vuil is nie, maar nadat hy die vloer klaar skoongemaak het, kruip hy weg, sodat die baas hom nie kan vind om ‘n volgende opdrag te gee nie. Sy baas moet hom gaan soek, voordat hy die volgende opdrag kan gee.

As ‘n baas tipe 1 werkers het, hoef hy baie min te doen. As ‘n baas tipe 4 werkers het, moet hy hard werk om dinge gedoen te kry. Hy moet uitwerk wat gedoen moet word, hy moet kyk of die werker klaar is, en hy moet die werker gaan soek. ‘n Baas sal dus die meeste hou van ‘n tipe 1 werker. Om op die regte manier te werk, beteken om ‘n tipe 1 werker te wees.

Om op die regte tyd te werk beteken om te werk op die tyd wat God vir ons vasgestel het. Die Here sê : *“Ses dae moet jy jou werk verrig, maar op die sewende dag moet jy rus, dat jou os en jou esel kan uitrus en die seun van jou slavin en die vreemdeling kan asem skep.”* (Ex. 23:12) Ses dae moet ons werk, en op die sewende dag moet ons rus. Ons moet rus omdat God op die sewende dag

gerus het, en omdat ons dit nodig het om asem te skep. As jy nie op die sewende dag asem skep nie, gaan jy nie goed kan werk op dag een tot ses nie. Omdat God die mens gemaak het, kan ons seker weet dat dit die beste vir 'n mens is om ses dae te werk en een dag te rus. As jy nie op die sewende dag rus nie, gaan jy nie goed kan werk op die ander dae nie. As jy meer as een dag in die week rus, gaan jy verveeld raak en verkeerde dinge uitdink om te doen, soos die spreekwoord sê: *“Ledigheid is die duiwel se oorkussing”*

In die vorige afdeling het ons gesien dat ons moet bid dat God ons werk seën. Anders gaan ons hard werk, maar dit gaan niks oplewer nie. 'n Mooi voorbeeld van iemand wie God geseën het, was Josef in Egipte. *“En toe sy heer sien dat die HERE met hom was, en dat die HERE alles wat hy doen, in sy hand voorspoedig maak, het Josef guns in sy oë gevind en hom gedien; en hy het hom aangestel oor sy huis, en alles wat in sy besit was, aan hom oorgegee.”* (Gen. 39:3,4)

C Rykdom en armoede

'n Mens wat meer as genoeg goedere het om van te lewe is ryk. 'n Mens wat nie goedere het om aan die lewe te bly nie, is arm.

God sal vir Sy kinders presies soveel gee as wat nodig is. Vir gelowiges is rykdom en armoede beide gevaarlik. (*“gee my nie armoede of rykdom nie, laat my geniet die brood wat vir my bestem is; dat ek nie, as ek oorversadig geword het, U verloën nie, en sê: Wie is die HERE? En dat ek nie, as ek arm geword het, steel en my aan die Naam van my God vergryp nie.”* – Spr. 30:9) Dit moet dus nie ons verlange wees om ryk of arm te word nie, maar om genoeg te hê om van te kan lewe.



Iemand wat werk en deur God geseën is, word ryk. (*“Hy word arm wat met 'n trae hand werk, maar die hand van die vlytiges maak ryk.”* – Spr. 10:4)

Iemand wat nie bereid is om te werk nie, of sy goedere gebruik vir vermaak, word arm. (*“Wie van vrolikheid hou, is 'n man van gebrek; hy wat van wyn en olie hou, sal nie ryk word nie.”* – Spr. 21:17) Daarom is dit ook nie verbasend dat daar in 'n arm gemeenskap dikwels 'n ryk drankhandelaar is nie. Mense wat arm is omdat hulle nie werk nie, hoef ons nie te help nie.

Sommige mense het ligamlike of geestelike gebreke en kan nie werk nie, en daarom verval hulle in armoede. Sulke mense behoort ons te help. So ook weduwees en wese, wat nie meer 'n man het om hulle te versorg nie. Vir die doel het God ook spesiaal die amp van diakens ingestel. (*“En in dié dae toe die dissipels vermeerder het, het daar 'n murmuring ontstaan van die Griekssprekende Jode teen die Hebreërs, omdat hulle weduwees in die daaglikse versorging oor die hoof gesien is. En die twaalf het die menigte van die dissipels byeengeroep en gesê: Dit is nie reg dat ons die woord van God nalaat om die tafels te bedien nie.”* – Hand. 6:1,2)

Sommige mense meen dat dit 'n probleem is dat daar arm en ryk mense is, en dat die regering sy mag moet gebruik om hierdie verskille uit te wis. In die bybel is daar egter geen aanduidings dat dit van die regering verwag word om hierdie verskille uit te wis nie. Elke Christen moet hom daarop toespits om sy eie huis goed te regeer en ook iets vir die armes te gee wat op sy pad kom. (*“Laat die een wat steel, nie meer steel nie; maar laat hom liever arbei deur met sy hande te werk wat goed is, sodat hy iets kan hê om mee te deel aan die een wat gebrek het.”* – Ef. 4:28)

D Die verdeling van arbeid

God het die mens gemaak om as man en vrou, met kinders saam te woon. (*“Daarom sal die man sy vader en moeder verlaat en sy vrou aankleef. En hulle sal een vlees wees.”* – Gen. 2:24) 'n Man, vrou en kinders word gesin of 'n huishouding genoem. In 'n huishouding word goedere gemaak, en 'n huishouding het goedere nodig om van te lewe.

'n Huishouding het 'n verskeidenheid goedere nodig, soos kos, klere, huise, boeke, rekenaars, motors, telefone, ens. ens. Dis egter nie moontlik vir 'n huishouding om al hierdie dinge self te maak nie, omdat hy nie die kennis en gereedskap het om al daardie dinge te maak nie. Een huishouding kan nie sy eie kos verbou, sy eie klere maak, sy eie motor bou, sy eie huis bou, ens. nie.

As iemand die kennis en gereedskap het om 'n sekere ding te maak, kan hy baie daarvan maak. 'n Beesboer kan baie beeste aanhou en 'n timmerman kan baie meubels maak. Wanneer iemand hom daaraan toewy om net sekere dinge te maak, hy kan dit baie beter en vinniger doen as mense wat hulle nie daaraan toewy nie. Wanneer elke huishouding in 'n samelewing hom daaraan toewy en net spesifieke dinge maak, dan noem ons dit die **verdeling van arbeid**.

Indien daar 'n verdeling van arbeid in 'n samelewing is, moet mense goedere ruil om al die goedere in die hande te kry wat sy huishouding nodig het. Die probleem van 'n huishouding is dat die huishouding baie van min (verskillende goedere) kan maak, maar min van baie (verskillende goedere). Hierdie probleem word die probleem van **min van baie en baie van min** genoem.

Hierdie probleem word opgelos deur goedere te ruil met ander huishoudings. Die beesboer moet bv. van sy beeste ruil vir die ander goedere. Hy moet iemand vind wat sy beeste nodig het, en bereid is om dit vir koring te ruil. Hy moet iemand vind wat 'n bees sal ruil vir groente. Hy moet iemand vind wat een of meer beeste wil ruil vir 'n motor. Hierdie soort handel word **ruilhandel** genoem.

As almal in 'n samelewing ruilhandel moet bedryf, sal dit baie moeilik gaan, omdat dit moeilik is om mense te kry wat dit wat jy het wil ruil vir iets wat jy wil hê. Die beesboer sal baie tyd moet spandeer om huishoudings te kry wat sy beeste wil ruil vir al die dinge wat hy nodig het. As hy baie tyd daaraan moet spandeer, het hy minder tyd oor om met sy beeste te boer.

Die probleem van ruilhandel kan op twee maniere opgelos word:

- a) Al die goedere in die samelewing **behoort aan die regering**, en die regering sal die goedere uitdeel sodat elke huishouding kry wat hy nodig het. In Afrika en Amerika het huishoudings in families en stamme saamgewoon. In so 'n groep was verskillende mense verantwoordelik om sekere goedere te maak. Sommiges het klere gemaak, sommiges het


mielies geplant en sommige het gejag. Die goedere wat al hierdie verskillende mense gemaak het, het aan byna al die behoeftes van die groep voldoen. Daar was dus 'n verdeling van arbeid in die groep. Al die goedere het behoort aan die hoofman, en die hoofman het besluit aan wie watter goedere gegee word. Hierdie oplossings word nie net in eenvoudige samelewings gebruik nie, maar ook in moderne state. 'n Samelewing waar alle goedere aan die regering behoort, word 'n kommunale samelewing genoem.

- b) Daar word iets gebruik wat mens vir enigiets kan ruil, sodat mens daarmee ook enigiets kan verkry. Hierdie enigiets noem ons **geld**. Die beesboer kan dus sy bees ruil vir geld, en hierdie geld weer ruil vir die goedere wat hy nodig het. Die plek waar goedere omgeruil word vir geld, word die **mark** genoem. By die mark kan ook goedere gekoop word met geld. In 'n moderne samelewing bestaan die mark uit 'n groot hoeveelheid boerderye, besighede, winkels, myne, fabriekke, ens. Wanneer alles in die samelewing aan huishoudings behoort, en op die mark verhandel word, word 'n **vrye mark** samelewing genoem. Om goedere vir geld te ruil, en later weer vir ander goedere te ruil, word **handel** genoem.

Wanneer 'n huishouding al sy goedere vir geld omgeruil het, en al die goedere vir die huishouding gekoop het, en daar nog geld oorbly, dan kan die huishouding hierdie geld bêre, om op 'n later stadium goedere daarmee te koop. Geld wat gebêre word, word **spaargeld** genoem. Om geld te bêre, word **spaar** genoem.

Geld is dus iets wat dit moontlik maak om handel te dryf en te spaar.

Die prentjie hieronder wys hoe goedere in geld omgesit word in 'n vrye mark samelewing.



In die wêreld is daar byna geen samelewings wat geheel en al kommunaal is of wat heeltemal vrye mark is nie. Meeste samelewings is maar 'n mengsel van kommunalisme en vrye mark. Die een is meer vrye mark, en die ander is meer kommunaal. 'n Samelewing wat 'n mengsel is van vrye mark en 'n kommunale samelewing is 'n **sosialistiese** samelewing.

Die Here het die volk Israel verlos uit die land Egipte. Die land Egipte was 'n kommunale land, waar byna alles aan die Farao behoort het. (*“Toe sê Josef aan die volk: Kyk, ek het vandag julle en jul grond vir Farao gekoop: daar is saadkoring vir julle, dat julle die grond kan besaai.”* – Gen 47:23)

Die Here het vir die volk Israel 'n land belowe wat oorloop van melk en heuning. (*“Daarom het Ek neergedaal om hulle uit die hand van die Egiptenaars te verlos en hulle te laat optrek uit daardie land na 'n goeie en wye land, na 'n land wat oorloop van melk en heuning”* – Ex. 3:8). Hierdie land is uitgedeel aan families en huishoudings. (Sien Jos. 13 en 14). Daar was geen regering wat enige grond of goedere besit het nie. Die beloofde land wat die Here dus aan die volk Israel gegee het, was 'n vrye mark land. As die Here die volk Israel verlos uit 'n kommunale land en hulle 'n vrye mark land gee, is dit nie te vergesog om hieruit af te lei dat die bybel voorkeur gee aan 'n vrye mark samelewing nie.

Toe die volk Israel vra vir 'n koning, het dit egter ook implikasies vir die vrye mark van die land. Samuel het die volk ernstig gewaarsku daarteen. Die koning het die reg om hulle kinders te neem om vir hom te werk, om van hulle land te neem en 'n gedeelte van hulle oeste. (*“En van julle lande en julle wingerde en julle olyfboorde sal hy die beste neem en aan sy dienaars gee. En van julle saailande en julle wingerde sal hy die tiendes neem en dit aan sy hofdienaars en sy dienaars gee. En julle slawe en slavinne en julle beste jongmanne en julle esels sal hy neem en vir sy werk gebruik.”* – 1 Sam. 8:14-16) As 'n gedeelte van die land se goedere nie meer aan huishoudings behoort nie, maar aan 'n koning, het die land nie meer 'n vrye mark nie, maar word dit 'n sosialistiese samelewing. 'n Koning lei dus noodwendig tot 'n sosialistiese samelewing.

Hoofstuk 3 : Geld

In 'n samelewing waar daar 'n vrye mark is, is geld nodig. In die vorige gedeelte is verduidelik dat geld iets is wat vir enigiets geruil kan word. So iets word 'n **universele ruilmiddel** genoem.

A *Eienskappe van geld*

Oor die eeue is verskillende dinge gebruik as geld. Goud, silwer, rys, sigarette ens. 'n Goeie universele ruilmiddel moet aan die volgende vereistes voldoen:

- Dit moet verdeelbaar wees. Geld moet verdeel kan word in kleiner stukkies, sodat mens goedere kan koop wat min geld kos, en goedere wat baie geld kos. Dit moet ook opgedeel kan word in klein stukkies, sodat dit getel kan word.
- Dit moet draagbaar wees, sodat mens by een plek iets kan verkoop, die geld saamneem na 'n ander plek, en daar weer iets daarmee kan koop.
- Dit moet duursaam wees, sodat mens dit lank kan bêre en dit op 'n later stadium weer te kan gebruik.
- Dit moet herkenbaar wees, sodat elkeen met wie jy handel dryf die geld sal herken en bereid sal wees om dit te aanvaar.
- Dit moet skaars wees, sodat mense nie sommer self geld êrens optel of maak, en dan goedere daarmee koop nie,



Van die vroegste tye af is goud en silwer gebruik as geld, omdat dit baie goed voldoen aan die vereistes van 'n universele ruilmiddel. Ook in die bybel lees ons dat dit gebruik is deur mense as ruilmiddel. Jakob se seuns het dit gebruik om koring in Egipte te koop. (*“Kyk, geld wat ons bo in ons sakke gevind het, het ons uit die land Kanaän aan u teruggebring hoe sou ons dan silwer of goud uit die huis van u heer kan steel?”* – Gen. 44:8) Die

bybel sê ook dat goud goed is (Gen. 2:12) en God gebruik goud en silwer in die tabernakel (Ex. 25,26).

Regeerders het munte laat maak van **goud en silwer**, wat as geld gebruik is. Die dinar was 'n munt wat in die Islamitiese wêreld gebruik is en die dukaat was 'n munt wat in Venesië gemaak is.


By tye in die geskiedenis het daar 'n tekort aan goud en silwer ontstaan. Om die probleem op te los, is **papiergeld** ingevoer. Papiergeld is 'n stukkie papier, wat ingeruil kan word vir 'n sekere hoeveelheid goud of silwer. Papiergeld verteenwoordig dus goud en silwer. Papiergeld kan ook iets anders verteenwoordig. Daar was papiergeld wat bv. rys, koring of beeste verteenwoordig het, maar hierdie soorte papiergeld was die uitsonderings eerder as die reël.

In 1792 het die regering van die Verenigde State van Amerika (VSA) 'n wet gemaak waarvolgens een dollar ekwivalent was aan 24.06g silwer of 1.6g goud. Eienaars kan hierdie dollar by 'n bank gaan inlewer vir goud of silwer. Wanneer geld ekwivalent gemaak word aan 'n sekere hoeveelheid van iets, word dit 'n geldstandaard genoem. Die geldstandaard wat in die VSA gebruik is, is 'n **bi-metaal geldstandaard** genoem, aangesien dit gekoppel is aan twee verskillende metale.

'n Geldstandaard is slegs geldig in die gebied waar die wette van 'n regering geldig is. Die gebied waarin 'n geldstandaard geldig is, word 'n geldzone genoem. Verskillende lande het hulle papiergeld verskillende name gegee. In die VSA is die dollar gebruik, in Engeland die pond, in Nederland die gulden, in Duitsland die mark en in Suid-Afrika die rand. Die papiergeld van 'n land word sy geldeenheid genoem. In die VSA kan mens dus die dollar gebruik, maar in Engeland moet jy die pond gebruik. Binne 'n land kan burgers die geldeenheid van sy land gebruik. Wanneer lande met mekaar handel dryf, word dit gedoen met goud en silwer. Handelaars kan die goud en silwer dan weer binne sy land omruil vir die geldeenheid van daardie land.

Die vastelling van 'n bi-metaal geldstandaard impliseer ook dat die waarde van goud en silwer ten opsigte van mekaar vasgestel word. Met die ontdekking van silwer in die VSA, het die waarde van silwer gedaal, en probleme vir die bi-metaal geldeenheid veroorsaak. Mens kon dollars met silwer koop (wat algemeen was), en die dollars gebruik om goud te koop (wat skaars was), en op hierdie manier goud baie goedkoop in die hande kry. As die Amerikaners hulle bybel geken het, kon hulle geweet het dat dit sou kon gebeur. Dit het ook in die tyd van Salomo gebeur. (*“En die hele drinkservies van koning Salomo was van goud, en al die voorwerpe van die huis van die Libanon-bos van fyn goud; silwer was daar nie by nie: dit is in die dae van Salomo as niks gereken nie.”* – 1 Kon. 10:21)

B Die goudstandaard



In die jaar 1900 het die VSA die bi-metaal standaard vervang met 'n **goudstandaard** waarvolgens die waarde van die dollar vasgestel is op 1.5g goud, oftewel \$20 per ons. Teen hierdie tyd het byna al die lande in die weste die goud standaard gebruik. Meeste van hierdie lande het ook 'n nasionale bank gehad, wat dikwels 'n reserwebank

genoem is. Die reserwerbank is die plek waar die geldeenheid omgeruil kan word vir goud.

Die vasstelling van die goudstandaard in al hierdie lande het internasionale handel vergemaklik. Handel binne die land is gedoen met die land se geldeenheid, en handel met ander lande met goud. Goud kan maklik omgeskakel word in die geldeenheid van daardie land. Die aanvaarding van die goudstandaard het oor die wêreld daarom daartoe gelei dat internasionale handel baie gegroei het aan die begin van die 20ste eeu.

C Probleme met die goudstandaard

Aanvanklik het die goudstandaard goed gewerk. In die meeste lande het die regering van die land die goudstandaard bepaal, en 'n reserwebank daar gestel waar die geldeenheid vir goud omgeruil kan word. Die regering van daardie land het die reserwebank beheer, en het bepaal hoeveel goud daar gestoor is, en hoeveel papiergeld daar gedruk word. Die prentjie hieronder wys Fort Knox, waar al die reserwebank van die VSA se goud gebêre word. Wanneer die regering die enigste party is wat geld kan uitgee, word gesê dat die regering 'n **monopolie** op geld het.



Toe die eerste wêreldoorlog uitbreek, het die regerings van baie lande skielik baie geld nodig gehad om oorlog te maak. Om die geld in die hande te kry het regerings eenvoudig **papiergeld gedruk**, sonder om meer goud in die reserwebank te

sit. Dit het daartoe gelei dat daar meer papiergeld in omloop was as wat daar goud in die bank was. Indien mense hulle papiergeld sou omruil vir goud, sou daar dus nie genoeg goud wees om hulle te betaal nie.

Om die probleem op te los, het regerings hulle geldeenhede se waarde verminder, sodat 'n geldeenheid vir minder goud omgeruil kan word. Ons sê dat die geldeenheid **gedevalueer** is. Dit het daarop neergekom dat die regering die burgers se geld gevat het. As jy aanvanklik 1 pond besit het, het jy bv. 1g goud besit. Nadat die geldeenheid gedevalueer is, was jou pond net 0.5g werd. Die regering het dus 0.5g goud van jou gevat, sonder dat hy dit uit jou kluis gehaal het.

Na verskeie devaluasies, het baie regerings besluit om die goudstandaard af te skaf. Teen 1933 was meeste van westerse lande weer van die goudstandaard af, en daar was chaos op die gebied van geldeenhede. Hierdie chaos is eers na die tweede wêreldoorlog opgelos, toe die Bretton Woods geldstelsel ingestel is.


D Die Bretton Woods geldstelsel

Na die tweede wêreldoorlog het 'n groot aantal verteenwoordigers van regerings bymekaar gekom op 'n plek met die naam Bretton Woods, om 'n nuwe geldstelsel uit te werk, met die doel om die chaos wat daar ontstaan het op te los.

Die geldstelsel wat hier uitgewerk is, is gebaseer daarop dat die geldeenheid van die VSA gekoppel word aan goud, teen 'n vaste prys van \$35 per ons. Ander geldeenhede word dan gekoppel aan die dollar teen 'n **vaste koers**. Ander reserwebanke kan dollars omruil vir goud teen hierdie vasgestelde koers. Aangesien die nasionale geldeenhede via die dollar gekoppel is aan goud, het dit neergekom op 'n indirekte goudstandaard.

Slegs ander reserwebanke is toegelaat om dollars in te ruil vir goud teen die koers van \$35 per ons. Privaat individue in die VSA kon nie hulle dollars vir goud omruil nie.

Aangesien die dollar gekoppel was aan goud, was dit so goed soos goud, en kon vir internasionale handel gebruik word. Op die wyse het die dollar die reserwegeldeenheid van die wêreld geword waarin meeste internasionale handel gedoen is. Aangesien die dollar die **reserwe geldeenheid** in die wêreld is, kan die VSA enigiets in die wêreld daarmee koop. Dit het daartoe gelei dat meer dollars gedruk is, sonder dat die hoeveelheid goud dienooreenkomstig aangevul word. Soos die dollars meer geraak het, het hulle waarde begin verminder.



Die geldeenhede van ander lande is gekoppel aan die dollar teen 'n vaste koers. Hierdie koerse is vasgestel deur 'n liggaam wat genoem is die **Internasionale Monetere Fonds (IMF)**. Indien 'n land die koers van sy geldeenheid wou verander, a.g.v. van 'n invoer/uitvoer situasie, moes hierdie verandering deur die IMF goedgekeur word. Lede van die IMF

moes lidmaatskapfoeie betaal het, gebaseer op die grootte van die land se ekonomie. Hierdie foeie is gebruik om fondse op te bou, wat weer gebruik is om lenings te gee aan lande wat in finansiële probleme beland. Wanneer 'n land 'n lening by die IMF gekry het, het die IMF die mag gehad om maatreëls aan die land voor te skryf, om te verhoed dat die land verder in die skuld raak.


Die leierskap van die IMF is gekies uit die lande, op grond van die lidmaatskapfoeie wat die lande betaal. Aangesien die VSA die grootste ekonomie in die wêreld het, het die VSA die meerderheidstem in hierdie organisasie gehad.

E Probleme met die Bretton Woods geldstelsel

Die reserwebanke het dollars omgeruil vir goud teen 'n vasgestelde koers van \$35 per ons. Daar was ook nog 'n oop goudmark in London waar goud gekoop en

verkoop is. In die 60-tigerjare het die prys van goud op die oop mark heelwat hoër as \$35 per ons gestyg. Dit was onder andere die gevolg van die reserwebank van die VSA wat meer dollars gedruk het, maar nie die goudreserwes dienoooreenkomstig verhoog het nie. As dit die geval is, is dit die moeite werd vir reserwebanke om goud by die reserwebank van die VSA te koop, en dit op die oop mark te verkoop, of te hou as reserwes. Veral Europese reserwebank het in hierdie tyd toenemend dollars vir goud gewissel, aangesien die waarde van die dollar so gedaal het.

Die VSA het in 1950 begin met die druk van dollars, en het sedertdien nog nie opgehou nie. As die reserwebank van die VSA in 2003 die goud wat amptelik in Fort Knox gehou word weer sou koppel aan die dollars wat in omloop is, dan sou die waarde van daardie goud \$25 000 per ons wees. Daar is ook egter mense wat meen dat die VSA geen goudreserwes meer het nie, aangesien die goud gebruik is om pogings te ondersteun om die prys van goud op \$35 per ons te hou.



Aangesien die waarde van die dollar gedaal het, kon die VSA nie meer volhou om die dollar uit te ruil vir \$35 per ons nie. Om die rede het die VSA in 1971 die band tussen goud en die dollar verbreek. Dit het die einde van die Bretton Woods stelsel beteken, en dit is vervang met die Smithsonian ooreenkoms. Volgens hierdie ooreenkoms kon die geldeenhede van lande binne sekere perke verander word. Daar is geen band meer met iets vas soos goud nie. Daar

is beweging van vaste koerse na wisselkoerse.

Hierdie ooreenkoms het nie lank gehou nie, en is uiteindelik vervang deur 'n stelsel waarvolgens alle geldeenhede vrylik kan verander, en dit bepaal kan word deur vraag en aanbod. Die dollar het egter nog steeds die wêreld se reserwe geldeenhede gebly, maar met die koms van die Euro, het hierdie geldeenhede ook begin funksioneer as 'n reserwe geldeenhede.

F Inflasie

Met die instelling van die goudstandaard het die westerse regerings 'n monopolie op geld gekry. Dit was egter nie die eerste keer dat regerings 'n **monopolie op geld** gekry het nie.

Die Romeinse regering het dit ook gedoen in die tyd van die keisers. Aanvanklik kan enige goud -of -silwersmid munte druk. Hierdie munte is gebruik om handel mee te dryf. Die Romeinse keisers het hierdie smede egter verbied, en 'n monopolie op munte ingestel. **Slegs die Romeinse regering mog munte druk**, en die keiser se gesig is op hierdie munte gedruk. Alle handel moes met hierdie munte gedryf word.

In Jesus se tyd is hierdie munte gebruik. Dit is so 'n munt wat die Fariseërs na Hom gebring het. (*“Wys My die belastingmunt. En hulle het vir Hom ‘n penning gebring. En Hy sê vir hulle: Wie se beeld en opskrif is dit? Hulle antwoord Hom: Die keiser s’n. Daarop sê Hy vir hulle: Betaal dan aan die keiser wat die keiser toekom, en aan God wat God toekom.”* – Matt. 22:19-21)

Die Romeinse regering het egter ontdek dat hulle die monopolie op munte kon gebruik om ekstra belasting in te kry, sonder dat die bevolking dit agterkom. Die Romeinse regering het hierdie munte gemaak, en ook gebruik om goedere en dienste mee te koop. Hulle het begin om meer munte te maak met dieselfde hoeveelheid goud (of silwer), deur 'n goedkoop metaal soos **koper of tin daarby te voeg**, en dan meer munte uit die mengsel te maak. Die hoeveelheid goedkoop metaal word elke keer net 'n klein bietjie meer gemaak, sodat die bevolking nie agterkom dat die nuuste munte nie so suiwer is as die oues nie. Indien die bevolking dit sou agterkom, sou hulle niks kan doen nie, want die regering het 'n monopolie op munte.



Die probleem hiermee is, sodra hierdie nuwe munte in omloop kom, die waarde van die munte daal. Nadat die regering hierdie munte uitgegee het, is daar meer munte in die mark, maar die hoeveelheid goedere is nog min of meer dieselfde. As daar meer munte in die mark is, en die hoeveelheid goedere is nog dieselfde, dan moet die waarde van die munte minder word. Aangesien meer munte dan nodig is om goedere mee te koop, styg die pryse.

Gestel 'n boer verkoop 'n vrag koring vir 10 munte aan die Romeinse regering. Die regering koop hierdie vrag koring vir die ou prys, toe die munte 'n sekere suiwerheidsvlak gehad het. Die boer ontvang die 10 munte, en hierdie munte begin in die mark in omloop kom. Na 'n rukkie daal die waarde van die munte, en die prys van 'n vrag koring word nou 11 munte. Die regering sit dus nou met 'n vrag koring wat 11 munte werd is, en die boer het net 10 munte. Die boer het dus 1 munt aan **belasting betaal, sonder dat hy dit agterkom**.

Die Romeinse keisers het hiermee begin, en vir eeue lank daarmee aangehou. Teen die jaar 300 was daar bykans geen goud of silwer in die Romeinse munte nie, en was hulle waardeloos. Saam met sy munt, het die Romeinse ryk ook geval.

In die westerse lande het die regerings ook 'n monopolie op hulle geldeenhede. Aanvanklik het dit heel goed gegaan. Daar was 'n vaste koers waarvolgens die geldeenhede aan goud gekoppel is. Toe die eerste wêreldoorlog uitbreek, het die regerings skielik meer geld nodig gehad. Een van die maniere om meer geld in die hande te kry, was om papiergeld te druk. Die regerings het meer **geld gedruk**, sonder om meer goud aan te skaf. Wanneer daar meer papiergeld in omloop is, en die hoeveelheid goud wat die papiergeld verteenwoordig bly dieselfde, dan daal die waarde van die papiergeld.

As die regering geld druk, dan koop hy daarmee goedere teen huidige pryse. Sodra die ekstra geld in omloop is, dan verlaag die waarde van die geld. Die regering sit dan met die goedere, en die bevolking sit met die geld, wat minder

werd is as die goedere wat aangekoop is. Presies op dieselfde manier as die Romeinse keiser, het die westerse regerings ekstra belasting gekry, sonder dat die bevolking dit agtergekom het.



Na die eerste wêreldoorlog, moes Duitsland 'n groot oorlogskuld afbetaal. Hulle het hulle skuld aan die buiteland betaal met die goud uit die reserwebank. As gevolg van die swak toestande in die land, kon die regering nie veel belasting invorder nie. Om aan die gang te bly, het die Duitse

regering eenvoudig meer geld gedruk op 'n baie groot skaal. In Julie 1914 was 'n dollar gelykstaand aan 4.2 mark. Op November 1923 was 'n dollar 4.2 triljoen dollar werd. Die geld was so min werd dat mens met 'n kruiswa vol geld 'n brood moes koop. Die prentjie hierbo wys 'n papiernoot van 10 biljoen mark.

Wanneer die regering geld druk, en pryse styg as gevolg daarvan, dan word inflasie genoem. Inflasie kom neer op 'n soort van belasting, met die volgende eienskappe:

- a) Die bevolking kom dit nie maklik agter nie.
- b) Inflasie is belasting wat geld uit mense se spaargeld. Nie inkomstes of uitgawes, soos in die geval van Inkomstebelasting en BTW.

G Inflasie in die moderne staat

In die verlede het regering eenvoudig papiergeld gedruk om meer geld in die hande te kry. Vandag gebeur dit 'n bietjie meer ingewikkeld.

Die regering reik 'n **staatseffek** uit. Dit kom neer op 'n skuldbewys, waarmee die regering belooft om 'n sekere bedrag terug te betaal, met rente.

Die reserwebank van die land koop hierdie staatseffek met nuwe geld wat gedruk word. Vandag word nie meer papiergeld gedruk nie, maar daar word eenvoudig 'n rekord op 'n rekenaar geskep.

Nadat hierdie transaksie klop die reserwebank se boeke nog steeds. Die reserwebank gee aan die regering geld van 'n sekere bedrag, en ontvang in ruil daarvoor 'n skuldbewys van 'n sekere bedrag.

Die regering gebruik hierdie geld om goedere mee aan te koop. Wanneer die regering dit doen, is daar meer geld in omloop. Dit lei daartoe dat die waarde van geld daal en pryse styg. Dit kom neer op inflasie.

Die waardevermindering van geld word betaal deur almal wat die geldeenheid van die land besit. Hierdie mense het vir die staatseffekte betaal deur die vermindering van die waarde van hulle spaargeld.

As die bevolking van 'n land sou besef waar inflasie vandaan kom, sou die regering van daardie land baie ongewild word. Om die oorsaak van inflasie weg te steek, word die werk van die reserwebank in moeilik verstaanbare woorde bekryf, en die vergaderings van die reserwebank meestal in die geheim gehou. Die

publiek word onder die wanindruk gehou dat inflasie die oorsaak is van die olieprys, die vakbonde of gierige besigheidsmanne.

H Kan inflasie verhoed word?

In 'n ekonomie waar daar met goud en silwer handel gedryf word, kan daar oorwegend geen inflasie voorkom nie, want mense kan nie goud en silwer uit goedkoper metale gemaak word nie. In die middeleeue is dit die saak waarmee die ou chemici hul besig gehou het. Vir eeue lank het hulle goud uit lood probeer maak, maar dit nooit reggekry nie.

Slegs wanneer die regering 'n monopolie op geld het, kan hy goedkoop metale by die goud voeg, en dan moet die handelaars maar maak of dit regte goud is. Wanneer die regering nie 'n monopolie op geld het nie, en 'n gouidsmid maak munte waar daar 'n goedkoop metaal bygevoeg is, kan hy uitgang word. As hy uitgang is, sal niemand meer munte by hom koop nie, en hy sal moet ophou met sy skelmstreke.

Selfs in die tye dat die regering nie 'n monopolie op geld gehad het nie, het inflasie ook voorgekom, as gevolg van natuurlike oorsake. In die tyd van Salomo is daar êrens groot hoeveelhede silwer ontdek, wat daartoe gelei het dat die prys van silwer baie gedaal het. (*“En die hele drinkservies van koning Salomo was van goud, en al die voorwerpe van die huis van die Libanon-bos van fyn goud; silwer was daar nie by nie: dit is in die dae van Salomo as niks gereken nie.”* – 1 Kon. 10:21) Iemand wat in daardie tyd gewoon het, en groot hoeveelhede kosbare silwer besit het, sou baie geld verloor het in daardie tyd. Op 'n stadium was sy silwer baie werd, maar later het dit baie van sy waarde verloor. Dis dieselfde as inflasie, maar dis nie veroorsaak deur menslike skelmstreke nie.

Piet Hein



Piet Hein is een van die grootste helde in die Nederlandse geskiedenis. Hy was 'n skeepskaptein in die van die Verenigde Wes-Indiese Compagnie (VWC) maatskappy. Een van die belangrikste aktiwiteite van die VWC was vrybuitery.

In sy tyd was Nederland gewikkel in 'n oorlog met Spanje. Spanje het die oorlog teen Nederland gefinansier met die goud en silwer wat hulle uit Suid-Amerika gehaal het. Piet Hein het 'n plan uitgedink om die mag van Spanje te breek, en terselfdertyd Nederland te verryk.

Elke jaar het 'n Spaanse vloot die goud en silwer van Suid-Amerika na Spanje gebring. Hierdie vloot is die silwervloot genoem. Die Spanjaarde het dit nodig gehad, om vir al die uitgawes wat hulle die laaste reeds jaar gemaak het, te betaal. Piet Hein het die silwervloot in 1628 onderskep en al die goud en silwer (15 miljoen Nederlandse guldens) na Nederland gebring.

Die Spaanse ekonomie was so afhanklik van die silwervloot, dat die onderskepping daarvan sy ekonomie so baie skade aangedoen het, dat dit tot die einde van Spanje as wêreldmag gelei het.

Sommige mense beskou Piet Hein as 'n vrybuiters en ander as 'n seerower. Beide doen presies dieselfde. Die een het egter die toestemming van sy regering gekry om ander skepe te beroof. Natuurlik kry die regering dan ook 'n groot gedeelte van die buit.

Die Engelse regering het ook vrybuitery berdyf waarvan Sir. Francis Bacon een van die bekendstes was.

Sommige mense spekuleer dat die daling

van die prys van silwer in Salomo se tyd die gevolg was van silwer wat ingevoer is van Mexiko. In die ou wêreld is daar tot nou tog nie groot silwermyne nie. Slegs in Mexiko is daar groot silwermyne. Indien daar seevaarders was wat in daardie tyd na Mexiko kon vaar, kan dit die lae silwerprys verklaar. Hierdie verklaring word ook bevestig deur ou tekeninge in Mexiko van bote wat daar handel dryf.

Iets soortgelyks het gebeur toe die Spanjaarde die goud van die Inkas en die myne in Suid-Amerika gevind het. Toe hulle hierdie goud na Europa bring, was daar skielik heelwat meer goud in omloop, en dit het die prys van goud laat daal. Hierna was daar ook die ontdekking van goud in die VSA, Suid-Afrika en Australië wat ook die goudprys vir tye laat daal het.

Inflasie as gevolg van menslike oorsake kan verhoed word, indien die regering nie 'n monopolie op die uitgee van geld het nie. Inflasie as gevolg van natuurlike oorsake kan egter nie verhoed word nie. Hierdie soort inflasie kan egter nooit so baie hand uitruk soos inflasie wat deur mense veroorsaak is nie.

Hoofstuk 4 : Banke

A Waar banke vandaan kom

Wanneer huishoudings handel dryf, dan kan hulle meer inkry deur hulle goedere te verkoop, as wat hulle uitgee om hulle aan die lewe te hou. Dan bly daar geld oor, wat hulle kan bêre om later iets daarmee te koop. Sulke geld wat oorbly word spaargeld genoem. Hierdie geld kan in die huis gebêre word in 'n kluis. Dit kan egter gevaarlik wees om te veel geld in die huis te bêre, want diewe kan die geld in die huis kom steel.

As iemand 'n gebou met 'n sterk kluis daarbinne bou, en 'n paar wagte aanstel om dit op te pas, kan verskillende mense hulle geld veilig daar bêre. 'n Plek waar mense hulle geld veilig kan bêre, word 'n **bank** genoem. Mense sal graag hulle geld in die bank wil bêre, omdat dit veiliger daar is, as in sy eie kluis.

Om te betaal vir die gebou en die wagte te betaal, moet mense die bank betaal om hulle geld te bewaar. Die geld wat mens moet betaal vir die bank, word **bankkoste** genoem.

As iemand geld in die vorm van goud of silwer in 'n bank bêre, dan kry hy 'n stuk papier, 'n **kwitansie**, wat bewys dat hy 'n sekere hoeveelheid goud of in die bank het. Omdat dit gemaklik is, begin mense om hierdie kwitansies te gebruik om handel mee te dryf. Dis makliker om kwitansies uit te ruil, as om die kwitansies om te ruil vir goud, en dan die goud uit te ruil, en dan weer die goud in die bank te bêre. Hierdie kwitansies is so goed soos goud, en kan in die plek van goud gebruik word. Op hierdie manier het **papiergeld** ontstaan.

Die bank het nie 'n spesiale kluis vir elkeen wat geld daar bêre nie. Hulle hou almal se geld in een kluis, en skryf in 'n boek hoeveel geld elkeen in die bank het. Wanneer iemand geld in die bank bêre, en dit word in die boek geskryf, dan word gesê dat daardie persoon 'n **rekening** by daardie bank het. Vandag word dit nie meer in 'n boek gedoen nie, maar op 'n rekenaar. As mens 'n rekening by 'n bank het, moet jy elke maand bankkoste daarvoor betaal.



As jy geld in die bank sit, dan sê ons dat jy geld in jou rekening **deponeer**. Geld kan gedeponeer word in 'n rekening, deur dit bv. met 'n koevert te sit, en dit met 'n outomatiese teller masjien (OTM) in die rekening te deponeer. As jy geld uit die bank haal, dan sê ons dat jy geld uit jou rekening **onttrek**. Jy kan ook meer as een rekening hê, en geld **oorplaas** van een rekening na 'n ander rekening. Elke keer as geld gedeponeer,

onttrek of oorgeplaas word, word dit 'n **transaksie** genoem. Vir elke transaksie is daar ook bankkoste.

Soms gebeur dit dat 'n huishouding geld nodig het, wat hulle oor 'n tyd sal terugbetaal. 'n Huishouding het bv. R1200 nodig om 'n huis te koop, en kan elke maand R100 betaal, en so die huis oor 'n jaar terugbetaal. As iemand vir hierdie huishouding geld gee, dan **leen** die huishouding die geld by hierdie persoon. Die huishouding **skuld** geld aan die **lener**.

Aangesien 'n bank heelwat geld het, is dit 'n baie geskikte instansie om geld uit te leen. As die bank geld leen aan mense, kan hy geld vra daarvoor. Die geld wat 'n bank vra om geld uit te leen word **rente** genoem. Die rente wat gevra word, is meestal 'n persentasie van die geld wat geleen word. Indien R1200 geleen word teen 10% per jaar, beteken dit dat dit R120 gaan kos om R1200 vir 'n jaar lank te leen. Die persentasie rente wat die bank vra om geld te leen, word die **rentekoers** genoem.

Die bank het geld nodig om uit te leen. As iemand wat geld gedeponeer het, bereid is om nie sy geld te onttrek vir 'n jaar nie, kan die bank hierdie geld uit te leen, en rente daarvoor te vra. Om te vergoed daarvoor dat die deponeerder sy geld vir 'n jaar lank nie kan gebruik nie, betaal die bank rente aan die deponeerder. As iemand sy geld in die bank los vir 'n tyd, sê ons dat hy sy geld **belê** in die bank.

Om geld te maak, leen die banke geld uit teen 'n hoër rentekoers, en betaal rente aan mense wat geld belê teen 'n laer rentekoers. Gestel iemand belê R1200 in die bank teen 'n rentekoers van 5% per jaar, dan moet die bank R60 se rente aan daardie persoon betaal. Die bank gebruik daardie geld om uit te leen teen 'n rentekoers van 10% per jaar, en dan kry die bank R120 se rente daarvoor. Uit daardie R1200, maak die bank dus 'n wins van R60, bo en behalwe die bankkoste wat die bank vra vir die twee rekenings en die transaksies. (Om te sien hoe rente berekening word vir beleggings en lenings, sien Bylaag B : en Bylaag C :)

Die bankbestuurder kan self besluit watter rentekoers hy vra vir 'n lening. Die bankbestuurder moet bepaal wat die kans is dat die persoon sy lening gaan terugbetaal. As die lener 'n betroubare persoon is wat altyd sy skuld betaal, gaan hy 'n laer rentekoers kry. As die lener onbekend is, of 'n geskiedenis het dat hy soms nie sy skuld betaal nie, dan gaan hy 'n hoër rentekoers. Die dinge waarna die bankbestuurder kyk om die rentekoers te betaal, word die lener se **risikoprofiel** genoem.

Jy kan dus rente by die bank verdien indien jy bereid is om geld 'n 'n tyd lank nie te onttrek nie. Indien jy jou geld enige tyd wil onttrek, dan kan jy geen rente verdien nie.

Hierdie soort banke is toelaatbaar. In die Bybel lees ons ook van die soort banke. In die gelykenis van die talente, lees ons dat die een dienskneg sy talent begrawe het. Die heer se antwoord aan die dienskneg is : *“Daarom moes jy my geld by die wisselaars gestort het, en ek sou by my koms wat aan my behoort, met rente ontvang het.”* (Matt. 25:27)

B Probleme met banke

As banke werk soos dit hierbo beskryf word, dan sal die banke altyd genoeg geld hê om almal te terug te betaal wat hulle papiergeld wil omruil vir goud, soos afgespreek. Almal wat geen rente ontvang nie, kan hulle goud onmiddelik onttrek.

Almal wat hul geld belê het, kry hulle goud binne die tydperk wat hulle met die bank ooreengekom het.

Bankbestuurders weet egter dat dit byna nooit gebeur dat almal hulle goud wil onttrek nie. Dan begin bankbestuurders kans vat, en gee papiergeld vir mense, waarvoor daar nie goud in die bank is nie. As hy meer geld uitleen as wat hy behoort, kan hy ook meer geld maak uit rente op lenings. Hierdie papiergeld is egter geld wat uit niks gemaak is nie. Niemand het goud in die bank gedeponeer vir hierdie papiergeld nie.

As daar meer papiergeld in omloop is as wat daar goud in die bank is, dan begin die waarde van daardie bank se papiergeld daal. Mense kom dit egter nie agter nie. Al wat gebeur is dat die ander banke sien dat die een bank meer papiergeld uitgee, en meer geld uit lenings maak. Dan begin hulle ook om meer papiergeld uitgee. Goedere se pryse in terme van papiergeld styg. Dit kom neer op inflasie. Goedere se pryse styg, en goud se prys bly dieselfde. Mense koop al hoe meer goedere, voor die pryse nog meer styg. Goud is nie aantreklik nie, want die prys van goud bly dieselfde. Dis goeie tye, want mense spandeer al hoe meer geld om goedere aan te koop. Fabrieke is besig, want verkope is goed.

Na 'n rukkie begin sommige van die bank se kliënte agterkom dat die waarde van 'n bank se papiergeld daal, en besef dat die banke besig is met skelmstreke, en hulle vertroue in die banke verloor.

As dit gebeur dat mense vertroue verloor in die bank, en almal hulle goud onttrek, dan kan die bank nie meer die goud wat mense gedeponeer het, terugbetaal nie, omdat hy dit uitgeleen het. Dan is daar nie genoeg goud in die bank vir al die mense met papiergeld in goud te betaal nie. Dan word die bank toegemaak, en die deponeerders en beleggers verloor die goud wat hulle in die bank gedeponeer het. Wanneer dit gebeur, word dit 'n **bankstormloop** genoem. Op die wyse het baie banke, so ongeveer 100 jaar gelede toegemaak. Nadat die bank toegemaak het, is al die bank se goud onttrek, en die bank se papiergeld is waardeloos. Die inflasieprobleem is ook opgelos deur die sluit van die bank.

Na die bankstormloop het heelwat mense geld verloor. Mense wat baie van die bank se papiergeld gehad het, het baie geld verloor. Hierdie mense spandeer nie meer geld nie. Dis slegte tye, want mense spandeer baie min geld om goedere te koop. Fabriek is stil. So 'n tyd word 'n **depressie** genoem.

Wanneer 'n bank meer papiergeld uitgegee het, as wat daar goud in die bank is, dan sê ons dat hierdie bank slegs fraksionele reserwes het. Die bank het slegs 'n goudreserwes vir 'n fraksie van al die bank se papiergeld wat in omloop is.

Wanneer 'n bank fraksionele reserwes het, lei dit tot inflasie van daardie bank se papiergeld. Hierdie inflasie kan veroorsaak dat die bank se kliënte vertroue verloor, wat op sy beurt kan lei tot 'n bankstormloop. Daar kan dus probleme met banke ontstaan, maar elke keer dat kliënte vertroue in banke verloor, word die probleem vanself opgelos. Verder kan kliënte wat bang is dat banke skelmstreke uithaal, hulle geld in goud hou, of hulle geld in 'n bank sit wat minder rente betaal, maar waarvan mens kan seker dat hulle nie meer papiergeld sal uitgee as wat hulle goud het.

'n Fraksionele bank is verkeerd. Papiergeld staan vir 'n sekere gewig aan goud. Wanneer meer papiergeld gedruk word as wat daar goud in die bank is, dan is die papiergeld vals. Op die papiergeld word daar beloof dat dit omgeruil kan word vir

‘n sekere massa aan goud. In die praktyk kan die bank nie die belofte hou nie. Die papiergeld is dan ‘n leuen. (“*Julle moet ‘n regte weegskaal hê, regte weegstene, ‘n regte efa en ‘n regte hin. Ek is die HERE julle God wat julle uit Egipteland uitgelei het.*” – Lev. 19:36)

C Die Fraksionele bankstelsel

Toe die regerings wegbeweeg het van die goudstandaard, het die bankstelsel ook verander. Regerings het alle banke verplig om fraksionele banke te word. Dit werk soos volg.

Volgens die wet, moet die bank ‘n sekere persentasie van daardie geld deponeer in ‘n rekening by die reserwebank, waarop geen rente verdien word nie. Hierdie persentasie word deur die reserwebank voorgeskryf, en is tipies in die orde van 10%. Die persentasie wat banke in die reserwebank moet plaas, word die **reserwebankkoers** genoem. In die voorbeelde gaan ‘n reserwebankkoers van 10% gebruik word.

Gestel jy deponeer R100 in die bank. Hiervan moet 10%, oftewel R10, in ‘n rekening in die reserwebank gestort word. Die res van die geld kan die bank gebruik om uit te leen. Wanneer iemand die oorblywende R90 leen, gebruik hy dit om iets mee te koop. Die persoon wat hierdie geld ontvang, deponeer dit weer in sy rekening by ‘n ander bank. Daardie bank moet weer 10% hiervan neem en dit oorplaas na die reserwebank, en die res word weer uitgeleent.

Die tabel hieronder illustreer wat die gevolge hiervan is. (Die berekening hiervoor word gewys in Bylaag A :) Wanneer R100 in die bankstelsel gedeponeer word, groei dit tot R1000, soos dit in die bankstelsel sirkuleer.

Die eerste R100 moet êrens vandaan kom. Dit kom van die regering af. Die regering reik ‘n staatseffek uit. Hierdie staatseffek word gekoop deur die reserwebank, met splinternuwe geld wat deur die reserwebank uit niks geskep word. (Sien Hoofstuk 3 : G) Wanneer die regering hierdie geld gebruik om iets te koop, word dit in die bankstelsel gedeponeer. Dan begin die proses, waartydens die R100 wat die regering spandeer groei tot R1000. So help die fraksionele bankstelsel om die inflasie aan te help. R100 word uit niks geskep, en dit groei uit tot R1000 wat uit niks geskep is.

Basiese Ekonomie

Transaksie	Bedrag wat gedeponeer word	Bedrag wat uitgeleen word	Bedrag wat by reserwebank gedeponeer word
Bank 1	R 100	R 90	R 10
Bank 2	R 90	R 81	R 9
Bank 3	R 81	R 73	R 8
Bank 4	R 73	R 66	R 7
Bank 5	R 66	R 59	R 7
Bank 6	R 59	R 53	R 6
Bank 7	R 53	R 48	R 5
Bank 8	R 48	R 43	R 5
Bank 9	R 43	R 39	R 4
Bank 10	R 39	R 35	R 4
Totaal vir 10 banke	R 651	R 586	R 65

Addisionele banke	R 349	R 314	R 35
	R 1,000	R 900	R 100
Reserwebankkoers	10%		

Meeste geld wat uit niks geskep is, is elektroniese inskrywings op die banke se rekenaars. As mense hulle hul vertroue in die bankstelsel verloor, kan die hele bankstelsel maklik tot stilstand kom. Gestel die persoon wat die R100 gedeponeer het in Bank 1 was die enigste deponeerder van die bank, en wil sy geld onttrek. Dan sou hy net R10 dadelik kan terugkry.

In die praktyk is daar meer as een persoon wat geld in die bank deponeer, en dit gebeur selde dat 'n groot hoeveelheid mense hulle geld tegerlykertyd onttrek. Wanneer 'n aansienlike hoeveelheid mense egter hulle vertroue in 'n bank verloor, en hulle geld tegerlykertyd wil onttrek, sal die bank sy deponeerders nie meer kan terugbetaal nie. Die bank kan so tot 'n val kom.

Wanneer 'n bank in die moeilikheid beland, kan die reserwebank dit uithelp, deur eenvoudig geld uit niks te vervaardig om die deponeerders te betaal. Dit red die bank, maar veroorsaak nog meer inflasie. So moet die publiek betaal vir die oorlewing van die bank.

Dit het ook in Suid-Afrika gebeur. Daar was bank met die naam Saambou Bank. As gevolg van berigte deur finansiële analiste, het beleggers vertroue in die bank verloor, en hulle geld uit die bank onttrek. In 'n kwessie van dae, kon die bank nie meer sy deponeerders betaal nie. Die regering wou nie die bank uithelp nie. Die bank is onder toesig van die reserwebank geplaas, deponeerders is hulle geld betaal, en die bank is verkoop.



Hierdie bankstelsel is nie in ooreenkoms met die bybel nie. Dis nie eens gebaseer op vals gewigte nie, dis gebaseer op niks nie. Dit is 'n stelsel waarmee die regering sy bevolking verarm, sonder dat hulle dit agterkom.


D Bankrekenings

Verskillende tipes rekeninge

As jy geld in die bank sit, dan gebruik jy 'n bankrekening. Daar is egter verskillende soort bankrekenings. Jy moet weet wat jy met 'n rekening kan doen, sodat jy weet watter soort rekening om oop te maak. Die dinge wat jy kan doen met die verskillende soorte rekenings word hieronder gewys.

- Spaar** : Deponeer
 Onttrek
 Ontvang min rente
 Geen vaste fooi
- Tjek** : Deponeer
 Onttrek
 Skryf tjek (jy betaal vir transaksie)
 Ontvang min rente
- Kredietkaart** : Deponeer
 Onttrek
 Betaal handelaar (handelaar betaal vir transaksie)
 Ontvang min rente
- Lening** : Onttrek
 Betaal baie rente
- Belegging** : Deponeer een keer / gereelde tye
 Onttrek aan die einde van termyn
 Onvang baie rente

Vir 'n rekening kan jy vaste fooie betaal en transaksiefooie. Elke bank se fooie lyk anders. Afhange van watter soort rekening jy nodig het, die hoeveelheid en bedrag van transaksies en die soort transaksies, gaan die een bank se rekening vir jou goedkoper uitwerk as die ander bank. Die grafiek hieronder die transaksiefooie vir 'n rekeningbetaling met die OTM vir drie verskillende banke.



Die belangrikste transaksiefooie is:

- Kontant Deposito – OTM
- Kontant Deposito – Tak
- Kontant Ontrekking – OTM
- Kontant Ontrekking - Saswitch OTM
- Kontant Ontrekking - Oorsese OTM
- Kontant Ontrekking – Tak
- Oorplasing – Tak
- Oorplasing – Internet
- Oorplasing – OTM
- Rekening betaling – Tak
- Rekening betaling – Internet
- Rekening betaling - OTM

In die voorbeeld het Nedbank die laagste bankkoste. Vir 'n ander soort transaksie kan 'n ander bank dalk goedkoper wees.

Kredietkaarte

'n Kredietkaart is 'n gewilde manier om te betaal, omdat dit gerieflik is (jy hoef nie kontant te trek en rond te dra nie), omdat dit veilig (dit kan nie so maklik soos kontant gesteel word nie) is en omdat die handelaar die transaksiefout betaal.



Die belangrikste organisasies wat kredietkaarte uitgee is American Express, VISA en Mastercard. Hierdie organisasies

is oor die hele wêreld. Daarom kan jy 'n kredietkaart gebruik om oor die hele wêreld, en ook die Internet, te betaal.

Hierdie organisasies gee nie self die kredietkaarte vir die mense wat dit gebruik nie. Hulle gebruik die banke in 'n land om die kredietkaarte vir mense te gee. In Suid-Afrika kan jy byvoorbeeld 'n Mastercard kredietkaart by Standard Bank kry en 'n VISA kaart by ABSA.

Jy moet egter baie versigtig wees as jy met die kredietkaart betaal. Met die kredietkaart kan jy nou iets betaal, maar jy hoef eers later die geld in jou kredietkaartrekening in te betaal. As jy egter nie betyds die geld in te betaal nie, gaan jy hoër rente betaal op die geld wat jy skuld.

Koopkaarte



Met kredietkaarte kan jy oor die hele wêreld betaal. In jou plaaslike omgewing kan jy egter geld spaar as jy 'n koopkaart te gebruik. 'n



Koopkaart word uitgegee deur 'n koopvereniging. Omdat 'n groot hoeveelheid lede hulle inkopies doen deur die koopvereniging, kan die koopvereniging afslag beding by groot winkels. As gevolg van hierdie afslag wat die koopvereniging kry, kan die lede elke jaar 'n bonus kry. Hierdie bonus is tipies in die lyn van 5% van al jou aankope vir die jaar. In Pretoria en omgewing kan jy gebruik maak van Pretorium Trust of Koopkrag. In die Weskaap kan jy die b-Smart kaart van Kaapse Verbruikers gebruik.

Probleme met die bank

Soms gebeur dit dat jy 'n probleem met 'n bank het. Dan kan jy probeer om die probleem op te los deur met die bestuurder te praat of mense by die hoofkantoor te bel. As dit nog nie werk nie, is daar nog verskeie opsies.

- 1) Jy kan probleem aan die publiek bekend maak by die webbladsy <http://www.hellopeter.com/>. Die banke is soms geneig om te reager indien hulle gekontak word.
- 2) Jy kan 'n klag by die ombudsnab lê. Hulle besonderhede kan gevind word by <http://www.obssa.co.za>. Die ombudsman is 'n organisasie wat opgerig is deur die Bankvereniging, en kan klagtes van klante ondersoek.

Hoofstuk 5 : Regerings en belasting

Om te sorg dat dinge in die samelewing volgens God se wette gebeur, moet daar regering wees. God regeer sy volk deur mense wat Hy in regeringsposisies aanstel.

A *Verskillende soorte regerings*

In die bybel vind ons dat God regerings ingestel het, en dat daar ook regerings wat mense uitgevind het, wat God ook toelaat.

God het verskillende soorte regerings ingestel:

- a) Elke mens moet oor homself regeer. (*“Is daar nie verheffing as jy goed doen nie? En as jy nie goed doen nie—die sonde lê en loer voor die deur, en sy begeerte is na jou; maar jy moet daaroor heers.”* – Gen 4:7)
- b) Vaders moet oor hulle gesin regeer. (*“Die diakens moet manne van een vrou wees en hulle kinders en eie huis goed regeer.”* – 1 Tim. 3:12)
- c) Uit gesinne ontstaan families, geslagte en stamme. Ook hieroor word daar hoofde nodig om hieroor te regeer. (*“...en tien owerstes saam met hom, vir elke familie van al die stamme van Israel een owerste; en hulle was elkeen ‘n familiehoof van die stamme van Israel.”* – Jos 22:14)
- d) In tye van nood, stel God rigters aan oor die hele volk, om die volk van ‘n buitelandse onderdrukker te verlos. (*“Maar toe die kinders van Israel die HERE aanroep, het die HERE vir hulle as verlosser verwek: Ehud, die seun van Gera, die Benjaminit, ‘n man wat links was.”* – Rig. 3:15)
- e) Ouderlinge en diakens moet oor die gemeente regeer. (*“Laat die ouderlinge wat goed regeer, dubbele eer waardig geag word, veral die wat arbei in woord en leer.”* – 1 Tim 5:17)

Hierdie regerings kan in twee groepe opgedeel word. Regerings oor mense met wie jy ‘n bloedband het, en regering oor mense met wie jy ‘n geestelike band het. Die regering van mense met wie daar ‘n bloedband was het aardse sake en was deur familiehoofde en stamhoofde geregeer. Hierdie regering is vrywillig gedoen, en geen belasting is daarvoor gehef nie.

In tye van nood, het God ‘n rigter opgewek om die volk van onderdrukking te verlos. Hierdie regering was vrywillig en tydelik. Die rigter het nie belasting benodig en ‘n paleis gekry nie. Debora het onder ‘n palmboom gesit en daar is sy geraadpleeg. Haar familie het haar waarskynlik voorsien van alles wat sy nodig gehad het, en sy het niks gevra as iemand haar geraadpleeg het nie. Nadat die nood verby was, het die rigter weer na sy eie huis gegaan, en aangegaan met haar gewone lewe.

Die regering oor mense met wie daar ‘n geestelike band was, was oor geestelike sake en was in die ou testament deur Leviëte en priesters en in die nuwe testament deur ouderlinge.

Hierdie is die regeringstrukture wat Israel gehad het toe hulle in die beloofde land ingetrek het. Dit kan beskryf op ‘n **familie gebasseerde regeringstruktuur**. Die heidene het oorwegend van ‘n ander regeringstruktuur gebruik gemaak, naamlik die van ‘n **koning**.

Die Here het die volk geregeer deur die strukture wat Hy ingestel het. Tog het die mens die verlange dat iemand oor hom regeer, buite hierdie strukture om, soos wat die heidene gedoen het. Om die rede het die volk Israel vir Gideon gevra om oor hulle te regeer, en hulle koning te word. Gideon het egter geweier, want God moes oor die volk regeer, deur die strukture wat Hy ingestel het. (*“Daarop sê die manne van Israel vir Gideon: Heers oor ons, u sowel as u seun en u kleinseun, want u het ons verlos uit die hand van die Midianiete. Maar Gideon antwoord hulle: Ek wil nie oor julle heers nie, en ook my seun mag nie oor julle heers nie: die HERE sal oor julle heers.”* – Rig. 8:22,23) Die aanstelling van ‘n koning kom dus neer op die verwerping van die regering van die Here. (*“Toe sê die HERE vir Samuel: Luister na die volk in alles wat hulle aan jou sê, want nie jou het hulle verwerp nie, maar My het hulle verwerp om nie koning oor hulle te wees nie.”* – 1 Sam. 8:7)

Op ‘n later stadium het die volk weer gevra vir ‘n koning, en toe het God dit toegelaat. Voor Hy dit toegelaat het, is die volk egter gewaarsku vir die gevolge van so ‘n versoek. ‘n Koning sal die reg hê om hulle kinders te neem om vir hom te werk, hy sal van hulle inkomste neem om sy werkers mee te betaal en hy sal van hulle grond neem en dit vir sy dienaars gee. (1 Sam. 8:11-18) Wanneer ‘n koning of regering van die bevolking se goedere vat, om sy eie huishouding mee aan die gang te hou, dan word dit **belasting** genoem. Volgens hierdie teksgedeelte het die koning dus die reg om belasting te hef.

Wanneer ‘n volk dus geregeer word deur ‘n koning, oftewel ‘n persoon wat nie ‘n band het met al die persone oor wie hy regeer nie, dan lei dit tot belasting. Die konings wat God self oor Israel aangestel het, het belasting gehef van die volk. Dit het dadelik al begin met koning Saul. (*“En die koning sal die man wat hom verslaan, oorlaai met groot rykdom; ook sal hy sy dogter aan hom gee en sy familie in Israel vrystel van belasting.”* – 1 Sam. 17:25) Buitelandse konings wat oor Israel geregeer het, het belasting gevra. (*“Deur hom stuur toe die kinders van Israel die belasting aan Eglon, die koning van Moab.”* – Rig. 3:15)

‘n Volk wat dus ‘n vorm van regering wil hê bo en behalwe gesinshoofde, familiehoofde en ouderlinge, moet ook aanvaar dat so ‘n vorm van regering altyd sal saamgaan met belasting. Hierdie regeringstruktuur kan ‘n **koning gebasseerde regeringstruktuur** genoem word.

Die verskille tussen hierdie regeringstrukture word in die tabel hieronder gegee.

Familiehoofde

Laagste vlak regeerders, ouers, word **deur God aangestel**, aangesien God kinders aan ouers gee. (*Kyk, seuns is 'n erfdeel van die HERE; die vrug van die moederskoot is 'n beloning.* – Ps. 127:3) Uit hierdie ouers word familiehoofde aangestel.

Familiehoofde regeer vrywillig **sonder vergoeding**.

Familiehoofde regeer oor **mense**.

'n Familiehoof regeer oor 'n **een groep** mense.

Familiehoofde regeer oorwegend met **gesag**, gebasseer op die oordrag van waardes deur onderrig in die gesin en familie. (*“Wat ons gehoor het en weet en ons vaders ons vertel het, sal ons nie verberg vir hulle kinders nie, maar aan die volgende geslag vertel die roemryke dade van die HERE en sy mag en sy wonders wat Hy gedoen het.”* – Ps 78:3,4)

Konings

Behalwe die koningshuis van Dawid, word konings oorwegend **deur hulleself of deur die bevolking aangestel**.

Konings benodig **belasting** om as koning te kan regeer.

Konings regeer oor **grondgebied**. (*“Verder was Salomo heerser oor al die koninkryke van die Eufraat af tot by die land van die Filistyne, en tot by die grens van Egipte; hulle het belasting aangebring en Salomo gedien al die dae van sy lewe.”* – 1 Kon. 4:21)

'n Koning regeer oor **verskillende groepe** mense. In sy grondgebied is daar dan altyd minderheids -en -meerderheidsgroepe, waarvan die minderheid meestal onderdruk word.

Koning regeer oorwegend met **mag en geweld**, gebasseer op 'n militêre vermoë. (*“Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop,...”* – 1 Sam. 8:11)

B Die groei van belasting

In die vorige afdeling is gewys dat 'n regering met 'n koning altyd belasting nodig het. Die geskiedenis leer ons ook dat 'n regering altyd meer en meer belasting nodig het.

Regerings is geneig om meer geld uit te gee as wat hulle inkry. Selfs die wysste koning van almal, koning Salomo, het daardie probleem gehad. As gevolg van sy groot bouprojekte, het koning Salomo het so baie skuld gemaak dat hy 20 stede aan die koning van Tirus moes gee (*“Hiram, die koning van Tirus, het Salomo gehelp met sederhout en sipreshout en goud soveel as hy wou hê—gee koning Salomo aan Hiram twintig stede in die land Galiléa.”* – 1 Kon. 9:11)

As 'n regering meer geld uitgee as wat hy inkry, moet hy meer geld invorder. Daar is verskillende soorte maniere waarop die regering geld invorder. :

- Deur belasting. Dit word in hierdie afdeling bespreek. In Suid-Afrika word belasting gehef ter waarde van ongeveer 28% van die bruto nasionale produk. Dit sluit nie die belastings in deur stadsrade en provinsiale owerhede nie.
- Deur inflasie. Dit is reeds in die afdeling van inflasie bespreek. In 2005 was die inflasie in Suid-Afrika ongeveer 3%.
- Deur skuld aan te gaan. Die Suid-Afrikaanse regering se skuld in 2004 was ongeveer 36% van die bruto nasionale produk.

- d) Deur privatisering. Van 1997 tot 2004 het die Suid-Afrikaanse regering ongeveer R34 biljoen verdien uit privatisering.
- e) Deur grondhervorming en bemagtiging.

Regerings is van nature geneig om meer belasting in te vorder. Wanneer 'n regering belasting invorder, word van hierdie belasting gebruik om die regering se militêre vermoë uit te brei. ("Julle seuns sal hy neem en hulle vir homself aanstel by sy wa en by sy perde, dat hulle voor sy wa uit hardloop; en om hulle vir homself aan te stel as owerstes oor duisend en owerstes oor vyftig, en om sy land te ploeg en om sy oes in te samel, en om sy oorlogswapens en gereedskap vir sy strydwaens te maak." – 1 Sam. 8:11,12) Soos wat die militêre vermoë en mag uitbrei, word die vermoë van die regering om meer belasting in te vorder ook groter, en word hierdie vermoë gebruik om nog meer belasting in te vorder. Hierdie proses kan so voortgaan todat die hele bevolking op die lange duur vir die regering werk.



Wanneer ons vir die Here iets gee, moet die vrywillig wees. ("En hulle het voor die oë van Moses ontvang al die offergawes wat die kinders van Israel vir die verrigting van die werk by die vervaardiging van die heiligdom gebring het. Maar hulle het vir hom nog elke môre vrywillige offergawes gebring." – Ex. 36:3) Die betaal van belasting is egter nie vrywillig nie, aangesien die regering sy mag gebruik om die bevolking te dwing om belasting te betaal. Ongeag of hulle die regering ondersteun of nie, almal moet

belasting betaal. Dit is om die rede dat die regering se militêre vermoë baie te doen het met die invorder van belasting.

In Jesus se tyd is belasting deur die Romeinse ryk ingevorder deur middel van tollenaars. Hierdie tollenaars het meer belasting ingevorder as wat aan die Romeinse keiser betaal moes word, en baie ryk geword daaruit. So 'n tollenaar het dus die mag van die keiser gebruik om vir homself ook geld in te samel.

C Die geskiedenis van belasting

Belasting het altyd 'n belangrike rol in die geskiedenis gespeel. In Jesus se tyd speel die tollenaars 'n prominente rol in die nuwe testament. Die Amerikaanse revolusie is ontstaan deur die invoerbelasting wat die Britse koning gehef het. Min. Thatcher van Brittanje het haar pos verloor oor 'n belasting wat sy wou instel.

i Verskillende soorte belasting

In die geskiedenis het soorte belasting ontstaan.

Die oudste vorm van belasting is kopbelasting. Elke volwassene van 'n sekere ouderdom moet 'n vaste bedrag betaal. Dieselfde bedrag geld vir arm en ryk. Aangesien sommiges dit as onregverdig beskou dat arm mense dieselfde belasting as ryk mense betaal, word hierdie vorm van belasting bykans nie meer gebruik nie.



Doeane en Aksyns is een van die oudste vorms van belasting wat in die 17de eeu ingevoer is.

- a) Doeane is belasting wat gehef word op goedere wat ingevoer word, soos bv. motors wat van ander lande af ingevoer word. Dikwels word hierdie belasting geregverdig deur die argument dat binnelandse vervaardigers beskerm word hierdeur en werkgeleenthede geskep word. Die realiteit is dat hierdie belasting binnelandse vervaardigers eerder in staat stel om minder produktief as die buitelandse vervaardigers 'n bestaan te maak, op die koste van die belastingbetalers. Hierdie geld wat gemors is op laer produktiwiteit kon elders gespandeer gewees het, en daar werkgeleenthede geskep het.
In Suid-Afrika dra doeane amptenare uniforms, en hulle werk meestal by lughawens, grensposte en hawens. Hulle vorder invoerbelasting in op goedere wat die land binnekom.
- b) Aksyns is belasting wat gehef word op spesifieke goedere wat binnelands geproduseer word. Die belastings word verder verdeel op “Ad Valorum” belasting op luukse goedere, en gewone aksyns op sonde goedere soos sigarette, drank en brandstof. Hierdie belasting word dikwels geregverdig deur te sê dat die regering hierdeur slegte gewoontes ontmoedig, soos die rookgewoonte, alhoewel dit moeilik is om te verstaan waarom dit sonde is om brandstof te gebruik. In die geval van sigarette is die realiteit dikwels dat die belasting nie mense aanmoedig om minder te rook nie, maar dat rokers eerder geld spaar op ander doeleindes, om sy sigarette te betaal. So

kan dit gebeur dat 'n gesin se kinders honger lei, omdat die ouers sigarette moet koop.

Toe doeane en aksyns nie meer genoeg inkomste gelewer het om die regering se uitgawes te betaal nie (dikwels tydens 'n oorlog), is inkomstebelasting ingestel. Hierdie belasting is sedert die 19de eeu in 'n paar lande ingestel todat dit nou in bykans alle lande gehef word. Inkomstebelasting is 'n belasting op inkomste, oftewel geld wat verdien is deur werk te verrig. Dit word deur die werkgewer ingesamel en aan die regering oorbetaal.

- a) Hierdie belasting word meestal gehef op mense wat 'n inkomste meer as 'n sekere bedrag verdien, aangesien die kostes te hoog sal wees om klein bedraggies geld in te vorder van 'n groot hoeveelheid mense met min inkomste, en om hierdie groot hoeveelheid mense met die klein inkomste 'n guns te doen, sodat hulle vir die regerende party sal stem in die verkiesing.
- b) Aanvanklik het almal belasting teen dieselfde koers betaal, soos bv. 6% van alle inkomstes. Later is egter 'n progressiewe belastingkoers ingestel. Hoe meer geld jy verdien, hoe groter is die belastingkoers wat jy betaal. As jy bv. R40 000 per jaar verdien, moet jy 10% belasting betaal, maar as jy R400 000 per jaar verdien, moet jy 40% belasting betaal.
- c) Aanvanklik was inkomste belasting teen 'n lae koers gehef. Toe inkomstebelasting in die VSA ingestel is in 1912, was dit 1% vir mense met 'n lae inkomste en 7% vir mense met 'n hoë inkomste. Tydens die tweede wêreldoorlog het die hoogste koers gestyg tot 94%.

Belasting op Toegevoegde Waarde (BTW) is 'n nuwe belasting wat in die 20ste eeu ingevoer is. In Suid-Afrika is dit in die 70-tigerjare ingevoer. Hierdie belasting word gehef op byna alle items wat verkoop word. As jy iets by die winkel koop, moet die handelaar 14% by die koopprys sit, en hierdie belasting moet aan die regering gegee word.

Kapitaalwinstbelasting is 'n nuwe belasting wat in die 20ste eeu ingevoer is. Indien jy eiendom besit en dit verkoop teen 'n hoër prys as waarvoor jy dit gekoop het, dan is die wins op die transaksie belasbaar. In Suid-Afrika is hierdie belasting in 2001 ingevoer.

Aftreefondsbelasting is 'n belasting wat gehef word op rentes en huur- en –divident inkomstes wat deur maatskappye ontvang word. Hierdie belasting is in 1996 ingestel.

Maatskappybelasting is 'n nuwe belasting wat in die 20ste eeu ingevoer is. 'n Maatskappy moet 'n sekere persentasie van sy wins aan die regering betaal as maatskappybelasting.

Eiendomsbelasting is 'n belasting wat jy moet betaal aan die munisipaliteit as jy 'n eiendom besit. Aanvanklik was hierdie belasting 'n vaste bedrag, maar dit word nou verander na 'n progressiewe belasting wat gekoppel word aan die waarde van die eiendom. Op verskeie plekke het hierdie veranderings veroorsaak dat woonbuurte agteruitgegaan het, aangesien die belasting die eienaars ontmoedig om hulle eiendom op te knap, om daardeur die waarde van hulle eiendom te verhoog.

Tot dusver is hierdie belasting slegs betaalbaar in stedelike gebiede, maar dis die intensie van die Suid-Afrikaanse regering om ook eiendomsbelasting te hef op eiendom in plattelandse gebiede.

Daar is verskeie soorte lisensiegelde wat betaal moet word, waarvan die bekendste seker motorlisensies is. Indien jy 'n motor besit, en daarmee op 'n openbare pad wil ry, moet jy jaarliks betaal vir 'n voertuiglisensie. Hierdie belastings word betaal aan die provinsiale regerings. Daar is ongeveer 7 miljoen voertuie in Suid-Afrika. Indien die gemiddelde koste van 'n voertuiglisensie R300 is, dan kry die provinsiale regering R2.1 biljoen.

Om die motor te bestuur moet jy nog 'n bestuurslisensie kry, wat deesdae elke vyf jaar hernu moet word. In die verlede moes mense ook betaal vir hondelisensies en fietslisensies, maar aangesien dit onmoontlik was om te kontroleer of almal lisensies het, word hierdie lisensies bykans nie meer vereis nie. Behalwe lisensies, kry provinsies en stadsrade ook nog 'n inkomste uit boetes. As jy een van hulle reëls oortree, kry jy 'n boete.

Behalwe die belangrikste belastings wat hierbo genoem is, is daar 'n verskeidenheid heffings wat individue en maatskappye aan die staat moet betaal. Sedert 2002 moet maatskappye bv. heffings betaal aan staatsorgane wat verantwoordelik is vir die ontwikkeling van vaardighede en die bedryf van 'n werkloosheidsversekering.

Individue wat 'n huis koop, moet 'n aansienlike bedrag aan oordragkoste betaal om die huis wettiglik op sy naam te kry. Hierdie heffing was nie van toepassing op nuwe huise nie, maar die regering het ook die intensie om dit ook op nuwe huise van toepassing te maak.

Sedert die jaar 2000 is lughawebelasting ingestel. Ek persoon wat vanaf 'n Suid-Afrikaanse lughawe vertrek moet hierdie belasting betaal. Die belasting word ingevorder deur die lugdiens en dan aan SAID oorhandig.

Wanneer iemand doodgaan, en sy goedere oorgedra moet word aan sy erfgename, dan moet daar op hierdie goedere ook belasting betaal word. Die goedere wat die oorlede persoon besit het, word sy boedel genoem. Die belasting wat hierop gehef word, word boedelbelasting genoem.

Wanneer jy iets wat meer werd is as R30 000 vir iemand gee, dan moet daar skenkingsbelasting op betaal word van ongeveer 20%.

Om aan al die vereistes van die wet van die land te voldoen, benodig administrasie. Besighede moet mense aanstel om te verseker dat die belasting in orde is en die personeelbeleid voldoen aan die wet. Om hierdie mense aan te stel, of ander besighede te gebruik om dit namens jou te doen, kos geld. Daar is beraam dat die koste van administrasie in 2004 in Suid-Afrika, R79 biljoen is, wat neerkom op 6.5% van die bruto nasionale produk.

ii Hoe belasting meer word

Die geskiedenis van belasting leer vir ons dus die volgende:

- a) Soos die **mag** van regerings meer word, word belastings verhoog.
Belastings word op verskeie maniere verhoog:

- i. Deur **nuwe soorte belastings** in te voer. Deur die jare is doeane, aksyns, inkomstebelasting, BTW ens. die een na die ander ingevoer.
 - ii. Deur die **belastingkoers** te verhoog. In Suid-Afrika was BTW aanvanklik 10%, en met die jare is dit verhoog na 14%.
 - iii. Deur **progressiewe belastingskale** in te stel. 'n Progressiewe belastingskaal beteken dat die belastingkoers styg saam met die bedrag wat belas moet word. Wanneer dit by inkomstebelasting kom, beteken dit dat mense wat meer inkomste verdien 'n hoër belastingkoers moet betaal. Wanneer daar inflasie is, styg mense se inkomste, en moet hulle 'n hoër belastingkoers betaal. So help inflasie ook om inkomste deur belasting te verhoog.
 - iv. Deur 'n belasting toe te pas op **meer items**. Aanvanklik het BTW mediese dienste uitgesluit, maar later is dit ingesluit. Nou is dit die intensie om eiendomsbelasting ook op plattelandse gebiede van toepassing te maak.
 - v. Deur 'n **skynruil** te maak. Die bevolking hou nie daarvan as belastings verhoog word nie. Om die bevolking te oortuig, beloof die regering om een belasting minder te maak, in ruil daarvoor dat 'n ander belasting meer gemaak word. As hulle die bevolking oortuig het, maak hulle die een belasting meer, maar kom nooit sover om die ander belasting minder te maak nie.
- b) Soos die **administratiewe vermoë** van regerings uitbrei, word meer komplekse belastings gehê. Soos belasting meer kompleks word, ontstaan daar 'n hele industrie van belastingkonsultante wat besighede en individue help om slegs die belasting te betaal waarop die regering volgens sy eie wette op geregtig is.

D Belasting in Suid-Afrika



In Suid-Afrika word belasting ingevorder deur die Suid-Afrikaanse Inkomste Diens (SAID). SAID funksioneer as 'n onafhanklike maatskappy, en nie as 'n staatsdepartement nie. SAID se funksie is om die belastings in te vorder en dit dan te oorhandig aan die regering. Die regering verdeel hierdie geld tussen sy departemente, wat dit op hulle beurt gebruik om allerhande dienste aan die publiek te verskaf.


In die 2004/5 jaar het die SAID ongeveer R345 biljoen ingesamel. Dit is ongeveer 28% van die Bruto Nasionale Produk van Suid-Afrika.

Basiese Ekonomie


Die foto hierlangs is die SAID gebou in Kaapstad.

Indien jy inligting oor jou belasting, kan jy die inbelsentrum bel by 0860 12 12 18. Indien mens probleme met SAID ondervind, kan mens 'n kantoor bel wat hierdie klagtes ondersoek en probeer oplos. Die nommer van hierdie kantoor is 0860 12 12 16.

Al die belastinge wat gehef word, word hieronder in 'n prentjie saamgevat.



Die belangrikste bronne waaruit die SAID sy belastinginkomste kry word in die grafiek hierlangs gegee. Dit is duidelik uit hierdie grafiek dat die inkomstebelasting die grootste bron van belasting in Suid-Afrika is.



Die tabel hieronder illustreer hoeveel 'n middelklas salarisverdiener belasting betaal in Suid-Afrika.

Geld wat werknemer vir maatskappy verdien	R 30,000.00
Maatskappybelasting op hierdie geld (10% van wat verdien is)	R 3,000.00
Onkoste van maatskappy	R 27,000.00
Bruto Inkomste van werknemer	R 10,000.00
Inkomstebelasting (30% van inkomste)	R 3,000.00
Vaardigheidsbelasting (0.5% van inkomste)	R 15.00
Werkloosheidsversekering (1% van inkomste)	R 100.00
Netto Inkomste van werknemer	R 7,000.00
Eiendomsbelasting	R 200.00
Lisensiegelde (per maand)	R 20.00
Geld spandeer aan brandstof (5% van Netto Inkomste)	R 350.00
Aksynsbelasting op brandstof (50%)	R 175.00
Geld spandeer aan verbruikersgoedere (30% van Netto Inkomste)	R 2,100.00
BTW op verbruikersgoedere (14%)	R 294.00
Doeanebelasting op verbruikersgoedere (2%)	R 42.00
Totale belasting op Inkomste	R 3,846.00
Totale belastingkoers op Inkomste	38%

E Belasting in die tyd van koning Salomo

Koning Salomo het 12 bestuurders gehad wat belasting moes invorder van die volk, waarvan die koning en sy paleis onderhou het. Elke bestuurder moes vir 'n maand lank die koning en sy paleis onderhou. Die bestuurders is aangestel oor verskillende gebiede van die land. Daar was egter geen bestuurder oor die gebied van die stam Juda nie. Die bestuurders het dus die gebiede van Israel bestuur.

Die belasting wat betaal moes word in die Skrif gegee (1 Kon 4:22,23):

<u>Per Dag</u>	<u>Per Maand</u>	<u>Per Jaar (aan Hiram)</u>
30 kor fynmeel	900 kor fynmeel	20 000 kor koring
60 kor meel	1800 kor meel	20 kor uitgestampte olie
10 vetgemaakte beeste	300 vetgemaakte beeste	
20 veldbeeste	600 veldbeeste	
100 stuks kleinvee	3000 stuks kleinvee	
Wild	Wild	

[Een kor is 125 liter]

Hierdie las is hoofsaaklik gedra deur Israel, en nie deur Juda nie. Kort voor Salomo koning geword het, het Dawid die volk laat tel (2 Sam. 24), en in Israel was daar 800 000 weerbare manne. In elke bestuurder se gebied was dus ongeveer 67 000 weerbare manne. Indien aangeneem word dat daar in elke gesin ongeveer 4 weerbare manne was, kan daar afgelei word dat die belasting gedeel is tussen ongeveer 17 000 gesinne. Die las van een maand se onderhoud van die paleis is moes dus deur hierdie gesinne oor 'n tydperk van 'n jaar opgebou word. Dit kom daarop neer dat elke 6 gesinne elke jaar bv. een stuk kleinvee aan koning Salomo moes afstaan.

Behalwe onderhoud aan die paleis, moes hulle koring en olyfolie lewer aan koning Hiram, as betaling vir die seders van Libanon, wat vir die tempelbou gebruik is.


Behalwe onderhoud, moes die Israeliete arbeid verrig vir koning Salomo. Daar was 30 000, 70 000 draers, 80 000 klipkappers en 3 300 opsieners. Dit is dus 'n totaal van 183 000 Israeliete. Ongeveer een uit elke 4 Israelitiese manne (ongeveer een uit elke gesin) moes dus dwangarbeid vir koning Salomo verrig.

Vir die Israeliete was dit swaar om al hierdie belasting te betaal. Toe Salomo se seun Rehabeam koning word, het die volk Israel gevra of hulle las ligter gemaak kon word. (*“U vader het ons juk hard gemaak, maak u dan nou die harde diens van u vader en sy swaar juk wat hy ons opgelê het, ligter; dan sal ons u dien.”* – 1 Kon. 12:4) Toe Rehabeam dit nie wou doen nie, het Israel Rehabeam as koning verwerp. (*“Toe die hele Israel sien dat die koning nie na hulle luister nie, het die volk die koning geantwoord en gesê: Watter aandeel het ons aan Dawid? en daar is geen erfdeel aan die seun van Isai nie! Na julle tente toe, Israel! Kyk nou na jou eie huis, Dawid! Daarop het Israel na sy tente gegaan.”* – 1 Kon 12:16)

F Regeringskuld

Meeste lande in die wêreld is demokraties. Dit beteken dat die bevolking van die land die regering kies. In 'n demokratiese land is daar groepe mense wat wil regeer. Sulke groepe word **partye** genoem. Elke paar jaar moet al die burgers in die land sê van watter party hulle die meeste hou. As hulle dit doen, dan **stem** hulle. Die mense in die land wat mag stem, word **kiesers** genoem. Die party wat die meeste stemme kry, kan die land vir die volgende paar jaar regeer.


As 'n regering wil bly regeer, moet hy seker maak dat die meeste mense vir hulle stem.



In die verlede het die bevolking gestem vir die party wat hulle gedink het die beste plan het vir die land. Vandag het meeste partye ongeveer dieselfde planne, en daarom moet partye die mense omkoop om vir hulle te stem.

Baie regerings gee deesdae aan hulle bevolkings allerhande geskenkies (dit word dikwels sosiale dienste genoem), soos staatspensiene en gratis mediese dienste, waarmee hulle omgekoop word om vir die regering te stem. Mense hou daarvan om dinge verniet te kry, maar hou nie daarvan om meer geld vir die regering te gee nie.

Wanneer die regering belasting en inflasie verhoog, kan hulle stemme verloor. Wanneer 'n regering nie meer kan bekostig om belasting en inflasie te verhoog nie, moet die regering **skuld** maak om die kiesers om te koop. Hierdie skuld sal betaal moet word deur die kinders, wat nog nie kan stem nie. Dit kan gesien word in die grafiek langsaan. Om aan die bewind te bly, moes die regering van die VSA al hoe meer spandeer aan sosiale programme, soos wat dit aangedui word deur die rooi lyn op die grafiek. Die rooi lyn wys watter deel van die regering se uitgawes vir sosiale dienste gebruik word.



Toe die regering van die VSA nie meer genoeg geld uit belasting en inflasie kon kry nie, is daar al hoe meer skuld gemaak. Dit kan gesien word op die grafiek langsaan.

Wanneer daar skuld gemaak word, moet daar rente op die skuld betaal word. Soos wat daar meer skuld gemaak word, word die rente al hoe meer. Hierdie rente moet betaal word met belasting en inflasie. As belasting en inflasie nie meer verhoog kan word nie, kan die regering ook nie meer skuld maak nie. Dan het die regering aan die einde van die pad gekom om meer geld in te vorder. Dit raak dan al hoe

moeiliker om die kiesers om te koop.

Die Suid-Afrikaanse regering maak ook elke jaar skuld. Elke jaar word daar in die begroting voorsiening gemaak vir 'n begrotingstekort. Hierdie tekort word gefinansier deur skuld te maak. Die regering leen geld deur **staatseffekte** uit te reik. As jy 'n staatseffek besit, kry jy 'n sekere persentasie rente op daardie staatseffek. Hierdie staatseffekte word hoofsaaklik deur beleggers gekoop wat 'n lae risiko belegging wil maak.

2005 Budget at a glance

R billion	2005/06	2006/07	2007/08
Revenue	369.9	405.4	444.6
Expenditure	417.8	456.4	494.9
Deficit	48.0	51.0	50.3
% of GDP	3.1%	3.0%	2.7%
Expenditure per person*(rands)	R7,738	R 8,411	R9,091

* excluding interest on debt

G Privatisering

Wanneer die regering by die punt is dat hy nie meer skuld kan maak nie, nie meer inflasie en belastings kan verhoog nie, dan kan die regering sy eiendom verkoop om geld in die hande te kry. Dit word **privatisering** genoem. Regerings verkoop hulle maatskappye wat die regering opgerig het soos die poskantoor, elektrisiteitsmaatskappye, wildparke, ens. Wanneer maatskappye privaatiseer, omskep die nuwe eienaars van die maatskappy in 'n winsgewende maatskappy. Dit lei dikwels tot baie mense wat hulle werk verloor, en lei daartoe dat die regering ongewild raak. Regerings is daarom dikwels baie versigtig met privatisering.

H Grondhervorming en bemagtiging.

Die laaste stap wat 'n regering kan neem om kiesers om te koop is deur grondhervorming en bemagtiging. Wanneer belasting en inflasie nie meer verhoog kan word nie, privatisering ongewild is, en daar nie meer geld is om skuld af te betaal nie, dan gebruik die regering eenvoudig sy mag om die rykes se eiendom te vat, en dit aan sy ondersteuners uit te deel.

Die land wat die leiding hiermee is Zimbabwe en Suid-Afrika.

Grondhervorming is wanneer die regering mense se grond neem, of koop teen 'n baie lae prys, en dit dan uitdeel aan sy ondersteuners. Dikwels word 'n historiese ongeregtigheid aangevoer as 'n rede vir grondhervorming.

Wanneer grond van die boere afgevat word, vernietig dit die landbou. Die boere wat op die grond boer is produktief. As hulle nie produktief was nie, sou hulle al lank al bankrot gegaan het, en hulle grond verloor het. Die nuwe eienaars van die plase kry dit omdat hulle die regering ondersteun, en nie omdat hulle goeie boere is nie. Wanneer hierdie nuwe eienaars die grond kry, dan kom die boerdery tot stilstand, en daar word nie meer kos op die grond geproduseer nie. Wanneer daar baie plase uitgedeel word aan ondersteuners van die regering, dan word daar byna nie meer kos geproduseer in die land nie, en lei dit tot **hongersnood** in die land.

Meeste van die boere het geld geleen om hulle plase te koop. Hulle skuld nog geld aan die banke, en moet boer om geld te maak om die skuld te betaal. As hulle plase afgevat word, dan kan hulle nie meer boer om hulle skuld afbetaal nie. Wanneer die regering grondhervorming instel, en 'n groot hoeveelheid boere nie meer hulle skuld kan betaal nie, dan gaan baie banke bankrot, en verloor die mense wat geld by daardie banke gedeponeer het hulle geld. So lei grondhervorming ook tot **armoede**.

Bemagtiging is wanneer die regering sy mag gebruik om besighede te dwing om hulle ondersteuners in diens te neem, of mede eienaars te maak. In Suid-Afrika besef die regering dat die meeste van sy kiesers swart is. Om die rede word mense in Suid-Afrika op grond van hulle velkleur bemagtig.

In Suid-Afrika is daar wette wat besighede dwing om groot hoeveelheid swart mense in diens te neem, ongeag of hulle die werk kan doen of nie. Dit word **regstellende aksie** genoem. Om aan hierdie wette gehoorsaam te kan wees, moet besighede dikwels mense in diens neem wat nie die werk kan doen nie, en dit kos besighede baie geld.

In Suid-Afrika is die regering ook besig met wette waarvolgens besighede gedwing gaan word om swart mense eienaars van besighede te maak. Dit word **swart bemagtiging** genoem.

Besighede wat nie voldoen aan die vereistes van regstellende aksie en swart bemagtiging nie, kan nie bestellings kry by die regering of by groot besighede nie. Dit lei daartoe dat die regering en groot besighede hierdeur gedwing word om gebruik te maak van besighede wat soms duurder is en wat dalk swakker diens gee. Hierdeur word die regering en groot maatskappye al hoe meer oneffektief, en verswak dit die mag van die regering op die lang termyn.

Hoofstuk 6 : Pensioenfondse, Voorsorgfondse en Mediese fondse

Wanneer jy gaan werk by 'n maatskappy, moet jy hierdie dinge verstaan.

A Wat is hierdie fondse?

Al hierdie fondse vereis dat mense elke maand 'n bedrag geld inbetaal in die fonds. Hierdie bedrag geld word die **premie** genoem.

Dit is die gewoonte in baie lande dat mense van 'n ouderdom van rondom 65 ophou werk. In elke land is die ouderdom waarop mense aftree verskillend. Wanneer hulle ophou werk, sê jy dat hulle **aftree**. Wanneer mense aftree, het hulle geld nodig om van te lewe. Om geld aan hierdie mense te voorsien, is daar pensioenfondse en voorsorgfondse gestig.

- a) Pensioenfondse : 'n Pensioenfondse gebruik die premies om fondse op te bou om te belê. Hierdie beleggings moet dan 'n inkomste vir die pensioenfondse genereer. Hierdie inkomste word gebruik om aan 'n persoon wat afgetree het, 'n sekere maandelikse inkomste te betaal, wat die **pensioen** genoem word. Die pensioen is afhanklik van die hoeveelheid jare wat die persoon gewerk het en die salaris van die persoon verdien het, net voor hy afgetree het. Hierdie fondse word ook genoem, 'n fonds met 'n **gewaarborgde voordeel**.
- b) Voorsorgfondse : Soos die pensioenfondse, gebruik die voorsorgfondse die premies om fondse op te bou om te belê. Hierdie beleggings moet dan 'n inkomste vir die voorsorgfondse genereer. Hierdie inkomste word dan ook gebruik om aan mense wat afgetree het, 'n maandelikse inkomste te betaal. Hierdie maandelikse inkomste is egter slegs afhanklik van die hoeveelheid geld wat met premies inbetaal is, en die groei wat behaal is op daardie geld. Hierdie fondse word ook genoem, 'n fonds met 'n **gewaarborgde bydrae**.

In die verlede het jou kinders na jou gekyk as jy te oud geword het om self geld te verdien. Later het maatskappye 'n diens aangebied om premies te ontvang en dan 'n pensioen later te betaal. Nog later het die regering sy mag gebruik om alle maatskappye te dwing om bydraes vir pensioen -of -voorsorgfondse en mediese fondse van werknemers se salaris af te trek, en daarmee premies aan hierdie fondse te betaal.

Sedert die 1980's het maatskappye oorgegaan van pensioenfondse na voorsorgfondse. Dis baie belangrik dat jy hierdie verskil verstaan. Omdat aandeelmarkte baie verander het en omdat pensioenfondse al hoe meer probleme begin optel het (sien die volgende afdeling), het maatskappye tot die gevolgtrekking gekom dat hulle nie meer 'n voordeel kan waarborg nie. Al wat hulle kan waarborg is dat jy 'n sekere bedrag betaal elke maand. Die implikasie hiervan is dat maatskappye nie meer verantwoordelikheid neem om daarvoor te sorg dat genoeg geld gaan hê om af te tree nie. Dit beteken dat dit deesdae **jou verantwoordelikheid** is om seker te maak dat jy genoeg geld gaan hê om af te tree.

As jy siek is, moet jy dokter toe gaan, hospitaal toe gaan of pille gebruik. Sommige mense is baie gesond, en raak omtrent nooit siek nie, terwyl ander baie siek word en soms baie duur operasies of medisyne nodig het. As jy skielik baie siek word, maar nie genoeg geld het vir 'n duur operasie nie, dan gaan jy dood. Omdat mense bang is dat so iets met hulle gaan gebeur, het besighede begin om mediese fondse aan te bied. Jy betaal elke maand 'n vaste bedrag geld aan 'n mediese fonds, en hulle betaal die dokter, die hospitaal en die apteek. As jy heeltemal gesond is, betaal jy nog steeds jou geld vir die mediese fonds, maar hulle hoef nie vir dokters en hospitale te betaal nie. As jy skielik baie siek raak en 'n duur operasie moet kry, dan sal die mediese fonds daarvoor, omdat hulle die geld wat die gesonde mense betaal het gespaar het. Die gesonde mense betaal dus vir die siek mense.

Jong mense is oor die algemeen die meeste van die tyd gesond en gaan amper nooit dokter toe nie. Hulle betaal dus vir hulle mediese fonds, maar gebruik nie die geld nie. Ou mense is egter meer gereeld siek, en betaal dikwels minder geld aan hulle mediese fonds as wat hulle gebruik. In 'n mediese fonds betaal die jong mense dus vir die ou mense.

'n Mediese fonds gebruik premies om fondse op te bou. Hierdie fondse word dan gebruik om vir lede van die mediese fonds se mediese onkoste te betaal. Hierdie onkoste word dikwels in twee soorte opgedeel. Die premie bestaan daarom dikwels uit twee dele, wat saam die totale premie opmaak.


- a) **Hospitaal onkoste.** Dis die alles waarvoor jy moet betaal as jy in 'n hospitaal opgeneem word. Dit sluit die hospitaalbed, die verpleegsters, die dokters wat jou daar behandel, narkotiseurs ens. in.
- b) **Konsultasie onkoste.** Jy betaal hierdie onkoste as jy na 'n dokter of 'n tandarts gaan, en enige pille wat jy by die apteek gaan koop, wat die dokter vir jou voorgeskryf het. Dit sluit nie pille in wat jy sonder 'n dokter se voorskrif vanaf die rak by die apteek koop nie, soos bv. vitamienepille.

B Die effekte van vergrysing en VIGS

Aanvanklik het hierdie stelsel goed gewerk. Baie mense het premies betaal, en min mense het afgetree. Daar was genoeg geld om die mense wat afgetree het, te betaal. Omdat mense nie meer kinders nodig gehad het om vir hulle te sorg op hulle oudag nie, het hulle begin om minder kinders te kry.

Wanneer die bevolking van 'n land begin om gemiddeld minder kinders te kry, dan word die gemiddelde ouderdom van die bevolking hoër. Daar is meer ou mense en minder jong mense. Dan word daar gesê dat die bevolking **vergryst**. Wanneer 'n bevolking vergryst, raak daardie bevolking op 'n sekere punt minder, tot hy oor baie dekades uitsterf.

Wanneer die bevolking van 'n land vergryst, is daar al hoe minder mense premies betaal, en al hoe meer mense wat 'n inkomste wil ontvang van die fonds. Die effekte hiervan word geïllustreer in die grafiek hieronder. Die vergelykings wat gebruik is om die grafiek te maak word gegee in Bylaag D .:



In die praktyk gaan 'n pensioenfonds nie die loop volg soos wat die grafiek beskryf nie.


Wanneer die bestuur van die pensioenfonds sien dat hulle nie meer hul verpligtings sal kan nakom nie, word die voordele van die fonds

verminder. Die ouderdom waarop mense op pensioen kan gaan word verhoog, die hoeveelheid pensioen wat die mense uitkry word verminder en die premies wat die werkende lede moet betaal word verhoog.

In 'n pensioenfonds betaal die mense wat vandag werk die pensioene van die mense wat vandag afgetree het. Dit werk goed as daar meer werkers as pensioenarisse is. In Europa is daar gemiddeld 3 werkers vir elke pensioenaris. As die bevolking van 'n land groei, sal daar altyd meer werkers as pensioenarisse wees. Omdat pensioenfondse mense aangemoedig het om minder kinders te hê, is die bevolkings van die Europese lande nie meer besig om te styg nie, en gaan dit binnekort begin daal. Teen 2030 gaan die Europese lande 3 werkers hê vir elke 2 pensioenarisse. Waar Europa se gemiddelde ouderdom tans 38 jaar is, gaan dit teen 2050 51 jaar wees.

Daar is verskillende maniere om hierdie probleem op te los:

- a) Verhoog die ouderdom waarop mense met pensioen gaan. Tans is dit rondom die ouderdom van 65. As dit verhoog word, gaan daar minder mense op pensioen en dra mense langer by tot die pensioenfondse. So 'n stap gaan nie populêr wees onder die kiesers nie, en



politici gaan moeilik hierdie stap neem. Verder gaan dit die waarde wat 'n pensioen vir mense het heelwat verminder, en gaan mense minder gewillig maak om by te dra tot hulle pensioen. As jy moet werk tot jy 70 is, kan jy net sowel werk tot jy doodgaan.

- b) Laat meer vroue werk. Alhoewel vroue minder kinders kry, is daar nog steeds heelwat vroue wat by die huis bly om kinders groot te maak. Hierdie stap is waarskynlik nie te moeilik om uit te voer nie, maar dit maak die probleem nog groter. As meer vroue moet gaan werk, gaan daar nog minder kinders gebore word, en word die probleem nog groter.

- c) Voer jong werkers in van ander lande. Europa het dit gedoen, en baie werkers ingevoer van Afrika en van Asië.
Hierdie stap veroorsaak op die lang termyn dat die identiteit van die bevolking van die land verander. Sedert 2005 is minder as 50% van die inwoners van Londen mense van Britse afkoms. Hierdie veranderinge is ook besig om groot onluste te veroorsaak, soos wat in Frankryk in 2005 gebeur het.
- d) Verhoog die premies van die pensioenfondse. Dit beteken dat werkers meer moet bydra tot die pensioenfonds.
Hierdie stap gaan ook nie populêr wees nie, en gaan ook sleg wees vir die ekonomie van die land. As werkers meer pensioen moet betaal, beteken dit dat arbeid duurder gaan word. Veral die Europese lande het reeds 'n probleem met duur arbeid, wat veroorsaak dat fabriekke uit Europa verskuif na Asië waar arbeid goedkoper is. Die verhoging van premies gaan die probleem nog erger maak.
- e) Moedig vroue aan om meer kinders te kry. Terwyl dit 'n bybelse opdrag is dat mense moet vermeerder, wil nie-Christene nie eers praat oor hierdie opsie nie. Dit word deur niemand ernstig oorweeg nie.

Baie maatskappye besluit om nie meer lede toe te laat tot die pensioenfonds nie, maar eerder oor te gaan na voorsorgfondse, aangesien 'n voorsorgfonds nie sekere voordele in die toekoms hoef te waarborg nie.

Soos die bevolking vergrys, is die mediese fondse ook besig om in die moeilikheid te beland. In mediese fondse betaal die jong mense vir die ou mense. As die jong mense minder word en die ou mense meer, dan kry die mediese fondse minder geld in en moet al hoe meer geld uitbetaal. Daar is gevind dat mense oor die algemeen 80% van hulle mediese onkoste benodig in die laaste twee jaar van hulle lewe. Soos die bevolking vergrys, begin 'n groter deel van die lede van die mediese fondse hierdie 80% van hulle onkoste gebruik. Om hierdie koste te kan betaal, moet die jonger en gesonder lede hoër premies betaal, vir voordele wat hulle op daardie stadium van hulle lewe nie gebruik nie. Dit maak mediese fondse al hoe minder aantreklik vir jonger werkende mense.

In Suid-Afrika is daar baie mense wat siek word van VIGS. Die mense wat siek word van VIGS, is nie ou mense nie, maar mense wat nog besig is om te werk. Dit is lede van die mediese fondse wat normaalweg gesond sou gewees het en min mediese onkoste sou gehad het en wat premies sou betaal het. Hierdie mense het skielik groot mediese onkoste, en wanneer hulle doodgaan, hou hulle ook op om premies te betaal. Dit beteken dus minder inkomste en meer uitgawes vir die mediese fondse.

C Die toekoms van fondse

In 'n samelewing waar die bevolking vergrys, sal pensioenfondse, voorsorgfondse en mediese fondse op die lange duur nie enige noemenswaardige voordele aan sy lede kan bied nie. Die groot planne van die moderne samelewing gaan dus nie werk in die toekoms nie. Daar is geen nuwe groot planne wat die probleme van die ou groot planne sal kan oplos nie, en 'n oplossing in die toekoms gaan gee nie.

Die pad vorentoe is dat elkeen sy eie klein plan sal moet uitwerk. Om dit te kan doen, moet jy verstaan hoe om jou eie finansies te beplan.

Jy moet ook verstaan hoe om jou geld uit die bestaande fondse te kry, sodat jy hierdie geld kan gebruik vir jou eie klein plan.

Hoofstuk 7 : Besigheid

In 'n ekonomie waar daar geld, banke en belastings is, moet mense nog steeds handel dryf om 'n inkomste te genereer en daarvan te lewe. Ahoewel daar baie probleme is met die geldstelsel, die bankstelsel en belasting, moet jy daarbinne nog steeds 'n bestaan maak, en is daar nog steeds baie geleenthede om goeie besigheid te doen.

Ekonomie gaan oor hoe om die huishouding goed te bestuur. Om dit te kan doen, moet jy mooi kyk na geld wat inkom, geld wat uitgaan en geld wat gebêre word. Die bestuur van die geld in die huishouding word **finansies** genoem.

Wanneer jy finansies bestuur, maak jy gebruik van **finansiële state**, wat vir jou moet vertel presies hoe sake staan met die geld in die huishouding. 'n Staat is tabel wat twee kolomme het, met bedrae geld in altwee kolomme. As jy finansies wil bestuur, moet jy finansiële state kan verstaan.

Wanneer jy finansies bestuur, moet jy verstaan wat 'n **regspersoon** is. As jy handel dryf, hang die hoeveelheid belasting wat jy betaal af van die regspersoon wat jy gebruik om handel te dryf.

A Regspersone

'n **Regspersoon** is iets wat voor die reg verantwoordelik gehou word vir sekere handelinge. Die wet skryf aan verskillende regspersone verskillende dinge voor.

In Suid-Afrika is daar basies vier verskillende soorte regspersone:

- a) **Individu**. 'n Individu is 'n persoon wat 'n inkomste verdien, eiendom besit en verbruikersgoedere koop. 'n Individu betaal belasting op hulle inkomste wat hulle verdien.
- b) **Trust**. 'n Trust is iets wat primêr bates besit en hierdie bates gebruik om begunstigdes te betaal. Die trust word bestuur deur *trustees*. 'n Trust is 'n geskikte regspersoon om te gebruik om bates van ouers na kinders oor te dra. Ouers kan hulle bates in 'n trust plaas. Wanneer die ouers tot sterwe kom, kan hulle kinders 'n inkomste uit die trust kry. Op hierdie wyse kan bespaar word op boedelbelasting en die kinders hoef nie 'n lang periode te wag vir die afhandeling van die boedel nie.
- c) **Besigheid**. 'n Besigheid is 'n entiteit wat goedere of dienste koop en verkoop, en 'n wins daarop maak. Daar is verskillende soorte besighede wat jy kan stig.
 - i. *Vennootskap* : Dit is meer as een (en minder as 20) persone wat saamwerk om besigheid te doen. Die vennootskap hoef nie geregistreer word nie, maar hulle moet wel 'n ooreenkoms opstel tussen al die vennote. Elkeen is individueel verantwoordelik om inkomstebelasting te betaal vir wat hulle verdien. Aan die ander kant is die vennote ook verantwoordelik vir skulde en verliese van die vennootskap.
 - ii. *Beslote korporasie*. 'n Beslote korporasie (BK) word besit deur nie meer as 10 natuurlike persone nie. Hierdie persone neem deel aan die bestuur van die besigheid. Dis goedkoop en maklik om 'n BK

te registreer. Die boekhouding word deur 'n rekenkundige beampte gedoen, en jaarlikse oudits is nie nodig nie.

- iii. *Maatskappy*. Daar is verskillende soorte maatskappye. In privaat maatskappye (edms. bpk.) word aandele word deur individue en maatskappye besit (tussen 1 en 50). In publieke maatskappye word aandele deur die publiek besit en verhandel op die aandelebeurs.

Die hoof-voordeel van 'n private maatskappy is dat dit regtens 'n beperking plaas op die aanspreeklikheid van die aandeelhouders (eienaars) van die maatskappy. Die maatskappy is egter ten volle aanspreeklik vir sy skulde en dit beïnvloed die besluit oor hoeveel kapitaal om in die onderneming te stort. Jaarlikse finansiële state moet deur 'n geregistreerde rekenmeester of ouditeur ge-oudit word. Nakoming van die aansienlike hoeveelheid wetgewing vervat in die Wet op Maatskappye kan tydrowend en duur wees.

Dit is belangrik om regspersone goed te verstaan, aangesien sommige regspersone meer belasting betaal as ander. 'n Individue betaal inkomste belasting en BTW (alhoewel die korporasie die BTW invorder). 'n Korporasie betaal belasting op die wins wat hy maak, en hy betaal geen BTW nie.

Individue, trusts en besighede kan registreer as 'n organisasie sonder winsbejag. Hierdie registrasie plaas sekere beperkinge op organisasies, maar het ook voordele. Hierdie registrasies is veral geskik vir organisasies wat sake bevorder, en nie probeer wins maak nie. Tipiese voorbeelde van nie-winsgewende organisasies is welsynsorganisasies en kultuurorganisasies.

B Finansiële state

i Die balansstaat

Die eerste staat wat jy moet ken, is die **balansstaat**. 'n Balansstaat sê vir jou wat jy besit, en wat jy aan ander skuld. Op die balansstaat is daar **bates** in die een kolom en **laste** in die ander kolom. Die definisies van bates en laste is soos volg:

- a) Bates is dinge wat jy besit, wat vir jou geld inbring. Dit kan goedere wees, bankrekeninge, ooreenkomste of enigiets ander waarvan die besit geld in jou sak kan sit.
- b) Laste is dinge wat jy aan ander skuld en wat veroorsaak dat jy geld aan ander moet gee.

Die tabel hieronder gee 'n tipiese voorbeeld van 'n balansstaat.

	BATES		LASTE	
Besighede	R 200 000	Skuld op eiendom wat verhuur word		R 300 000
Aandele	R 50 000	Skuld op woonhuis		R 200 000
Beleggingsfondse	R 50 000			
Eiendom wat verhuur word	R 400 000			
Kontant is die bank	R 300 000			
Totale Bates	R 1 000 000	Totale laste		R 500 000

As jy meer laste het as bates, sal jy nie jou skuldeisers kan betaal nie, selfs al verkoop jy al jou bates. Wanneer dit gebeur, is jy **bankrot**.

Baie mense dink dat die huis waarin jy woon 'n bate is. Hierdie is egter 'n misverstand. In die eerste plek besit meeste mense nie hulle huise nie, maar die bank besit die huise, en die huis word oor 'n tydperk van tot 30 jaar afbetaal. In die tweede plek bring 'n huis nie vir jou geld in nie, maar jy moet geld uitgee om die huis te onderhou. Indien jou huis baie in waarde styg, kan jy dit nie verkoop nie, aangesien jy in elk geval 'n ander huis moet koop, wat intussen ook in waarde gestyg het. Daarom is dit belangrik om te verstaan dat jou woonhuis en jou duur motor nie bates is nie, maar 'n laste.

Baie mense spandeer baie geld om 'n groot huis en duur motors te koop, omdat hulle dink dat dit bates is. Hoe groter die huis en hoe duurder die motor, hoe meer betaal jy om die dinge te onderhou. Veral as jy skuld moet aangaan om die dinge te koop. Sulke mense lyk baie ryk, maar moet hard werk om die kostes te betaal, en het maar min geld oor aan die einde van die maand.

ii Die inkomstesstaat

Geld wat jy kry, is 'n **inkomste**. Geld wat jy aan ander moet betaal is 'n **uitgawe**. Hierdie twee dinge word op 'n inkomtestaat uitgebeeld. Die **inkomtestaat** is 'n tabel met twee kolomme. In die een kolom is inkomstes, en in die ander kolom is uitgawes.

Jy kan 'n inkomste op verskillende manier in die hande kry. Jy kan vir iemand anders werk, en 'n inkomste verdien. Jy kan bates aanskaf wat vir jou geld inbring.

Die meeste mense verdien 'n inkomste deur vir iemand anders te werk. As jy vir iemand anders werk, dan gaan dit moeiliker wees om jou inkomste te vermeerder. Die redes hiervoor is die volgende:

- a) Die geld wat jy verdien vir iemand ander word 'n **salaris** genoem. Jou salaris is 'n uitgawe vir die persoon vir wie jy werk. Daardie persoon gaan sorg dat sy uitgawes so min as moontlik is. Daar is 'n spreekwoord wat sê *“Werkers werk net hard genoeg om nie afgedank te word nie, en base betaal net genoeg dat hulle werkers nie bedank nie.”*
- b) Een van die grootse bronne van inkomste vir die regering is inkomstebelasting. Daarom betaal jy baie belasting op die inkomste wat jy verdien. Soos die salaris meer word, verhoog die belastingkoers ook, as gevolg van die progressiewe belastingskale.
- c) Bydraes soos voorsorgfondse en mediese fondse is dikwels 'n persentasie van die salaris. Soos jou salaris meer word, verhoog die bydraes aan die hierdie fondse.

Die belangrikste uitgawes wat mense het is belasting, afbetaling van skuld en lewensontkoste. As jy wil ryk word, moet jy hierdie uitgawes so klein as moontlik maak.

Inkomstestaat	
Verkope	R 100 000
Koste van verkope (koste om produk te maak)	R 50 000
Netto Wins	R 50 000
Operasionele kostes (koste om organisasie aan die gang te hou)	R 20 000
Netto Inkomste voor rente en belasting	R 30 000
Rente (lening of belegging)	R 5 000
Belasting	R 10 000
Netto Inkomste	R 15 000
Netto Inkomste per aandeel	R 15

iii Kontantvloeiastaat

Maatskappye reken 'n verskeidenheid dinge as inkomstes en uitgawes, wat nie noodwendig 'n vloeï van geld beteken nie. 'n Bestelling word bv. gereken as 'n inkomste wanneer hy ontvang word, alhoewel die werklike invloei van die geld eers later sal plaasvind. Waardevermindering van bates word gereken as 'n uitgawe, maar daar is nie 'n uitvloeï van geld daarmee ge-assosieer nie.

Kontantvloeiastaat	
Fakture uitgestuur	R 100 000
Fakture ontvang	(R 50 000)
Aankope van nuwe bates	R 20 000
Rente op lenings	R 5 000
Kontantvloei vir die jaar 2005	R 25 000

C Besigheidsplan

As jy 'n besigheid wil begin, moet jy 'n besigheidsplan opstel. 'n Voorbeeld van 'n besigheidsplan word gegee in Appendix 5.

Bylaag A : Berekenings vir Fraksionele Bankstelsel

Hierdie afdeling gee die vergelykings waarmee jy kan bereken hoeveel die geld wat uit niks geskep word deur die reserwebank groei deur middel van die fraksionale reserwe bankstelsel.

Definisies :

- r is die reserwebankkoers
- A is die aanvanklike bedrag wat deur die regering gespandeer word en dan vir die eerste keer in 'n bank gedeponeer word
- A_n is die bedrag as dit vir die n -de keer gedeponeer word
- S_n is die som van al die bedrae wat in banke gedeponeer word 0 tot n .
- R_n is die van al die bedrae wat in die reserwebank gedeponeer word 0 tot n .

Afleiding van vergelykings :

$$A_0 = A$$

$$A_1 = A_0 - rA_0 = (1 - r)A$$

$$A_2 = A_1 - rA_1 = (1 - r)^2A$$

...

$$A_n = (1 - r)^n A$$

$$S_n = A + (1 - r)A + (1 - r)^2A + \dots + (1 - r)^n A$$

$$(1 - r) S_n = (1 - r)A + (1 - r)^2A + \dots + (1 - r)^n A + (1 - r)^{n+1} A$$

$$S_n - (1 - r)S_n = A - (1 - r)^{n+1} A$$

$$\rightarrow S_n = \frac{A\{1 - (1 - r)^{n+1}\}}{r}$$

Aangesien $(1 - r)$ kleiner as 1 is, dan is $(1 - r)^{n+1}$ gelyk aan 0, wanneer n baie groot is.

$$\rightarrow S_\infty = \frac{A}{r}$$

$$R_n = rS_n$$

$$\rightarrow R_\infty = A$$

Bylaag B : Berekening van saamgestelde rente

Wanneer jy geld in die bank deponeer, dan word die rente elke maand bereken. Na elke maand word hierdie rente dan gevoeg tot die geld in die rekening. Wanneer die rente vir die volgende maand bereken word, word dit bereken op die vorige maand plus die rente wat daarop verdien is. So gebeur dit elke maand, en word daar dus rente op rente verdien. As rente op hierdie wyse bereken word, word dit **saamgestelde rente** genoem. Wanneer rente net een keer per jaar bereken word op die bedrag wat gedeponeer is, word dit **enkelvoudige rente** genoem.

Definisies :

- **R** is die rentekoers wat per jaar gegee word
- **r** is die rentekoers wat per maand gegee word ($r = R/12$)
- **A** is die aanvanklike bedrag wat gedeponeer word
- **A_n** is die bedrag wat in die rekening is na **n** maande

Afleiding van vergelykings :

$$A_0 = A$$

$$A_1 = A_0 + rA_0 = (1 + r)A$$

$$A_2 = (1 + r)A_1 = (1 + r)^2A$$

...

$$A_n = (1 + r)^n A = (1 + R/12)^n A$$

Na 'n jaar is die bedrag in die rekening $= (1 + R/12)^{12} A$

Saamgestelde rente kom dus neer op 'n hoër enkelvoudige rente. So kom 15% saamgestelde rente dus neer op $(1 + 0.15/12)^{12} - 1 = 16.075\%$ enkelvoudige rente. As die rente daaglik bereken word, kom 15% saamgestelde rente neer op $(1 + 0.15/365)^{365} - 1 = 16.179\%$.

Bylaag C : Renteberekenings vir lenings

In hierdie bylaag word gewys hoe om te bereken hoeveel jy per maand moet betaal indien jy geld leen by 'n bank. Die vergelykings word van basiese beginsels afgelei.

Definisies :

- r is die rentekoers wat per maand betaal word
- A is die aanvanklike bedrag wat geleen word
- A_n is die bedrag wat in die rekening is na n maande
- P is die paaiement wat elke maand betaal moet word om die lening af te betaal

Afleiding van vergelykings :

$$A_0 = A$$

$$A_1 = A_0 + rA_0 - P = (1 + r)A_0 - P = (1 + r)A - P$$

$$A_2 = (1 + r)A_1 - P = (1 + r)\{(1 + r)A - P\} - P = (1 + r)^2A - (1 + r)P - P$$

$$A_3 = (1 + r)^3A - (1 + r)^2P - (1 + r)P - P$$

...

$$A_n = (1 + r)^nA - P\{1 + (1 + r) + (1 + r)^2 + (1 + r)^3 \dots + (1 + r)^{n-1}\}$$

$$= (1 + r)^nA - PS_n$$

$$\text{Waar } S_n = 1 + (1 + r) + (1 + r)^2 + (1 + r)^3 \dots + (1 + r)^{n-1}$$

$$(1 + r)S_n = (1 + r) + (1 + r)^2 + (1 + r)^3 \dots + (1 + r)^{n-1} + (1 + r)^n$$

$$(1 + r)S_n - S_n = (1 + r)^n - 1$$

$$\rightarrow S_n = \{(1 + r)^n - 1\}/r$$


Die lening moet oor N maande afbetaal word. Dan moet die bedrag in die rekening nul rand wees.

$$A_N = 0$$

$$\rightarrow (1 + r)^N A - PS_N = 0$$

$$\rightarrow (1 + r)^N A - P\{(1 + r)^N - 1\}/r = 0$$

$$\rightarrow P = Ar(1 + r)^N / \{(1 + r)^N - 1\} \text{ (Die paaiement wat jy moet betaal om die lening oor } N \text{ maande af te betaal)}$$



Indien jy 'n lening uitneem oor 'n sekere tydperk, moet jy 'n bedrag P betaal om die lening betyds af te betaal. Indien mense egter 'n hoër bedrag P_1 betaal, kan jy die lening gouer afbetaal oor 'n periode van N_1 maande, en sodoende rente spaar. Die addisionele bedrag wat mens per maand betaal word 'n **bybetaling** genoem. Deur

boonste vergelyking te gebruik, kan die volgende afgelei word.

$$\rightarrow N_1 = \log_{(1+r)}\{P_1/(P_1 - Ar)\}$$

Hierdie vergelyking kan gebruik word om te bereken hoeveel rente gespaar kan word deur bybetalings te doen. Die grafiek hieronder wys hoe bybetalings die hoeveelheid rente wat op die lening betaal moet word minder maak.

Bylaag D : Berekenings vir pensioenfondse

In hierdie bylaag word gewys hoe om te bereken hoeveel jy per maand moet betaal indien jy geld leen by 'n bank. Die vergelykings word van basiese beginsels afgelei.

Definisies :

- t is tyd in jare gemeet
- $F(t)$ is die totale waarde van die fonds op 'n sekere tydstip
- $f_a(t)$ is die persentasie van die lede van die pensioenfonds wat afgetree het op 'n sekere tydstip
- $f_L(t)$ is die hoeveelheid lede van die pensioenfonds op 'n sekere tydstip
- r is die groei wat jaarliks op die kapitaal behaal word
- S is die gemiddelde salaris van lede van die pensioenfonds
- p is die persentasie van hulle salaris wat lede aan die pensioenfonds moet betaal
- q is die persentasie van die salaris wat uitbetaal word as pensioen


Afleiding van vergelykings :

$$\begin{aligned} F(n) &= \text{Vorige jaar se Kapitaal} + \text{Groei op kapitaal} + \text{Hierdie jaar se premies} \\ &\quad - \text{Pensioene uitbetaal} \\ &= F(n-1) + rF(n-1) + \{1 - f_a(n)\}f_L(n)pS - f_a(n)f_L(n)qS \\ &= (1 + r)F(n-1) + \{1 - f_a(n)\}f_L(n)pS - f_a(n)f_L(n)qS \end{aligned}$$

Die funksie $f_a(n)$ en $f_L(n)$ kan selfs gedefineer word. In 'n samelewing waar die mense besig is om te vergrys, dan sal die hoeveelheid lede oor die lang termyn verminder, en die persentasie pensioene sal toeneem.

Hierdie vergelykings word gebruik om die groei van 'n pensioenfonds oor 40 jaar te bereken, in 'n omgewing waar die lede aanvanklik toeneem, maar later begin afneem, en waar die persentasie pensioenarisse geleidelik toeneem. Inflasie word nie in ag geneem nie, en daar word aangeneem dat die groei van beleggings konstant is.

Die kapitaal wat aanvanklik in die fonds belê word : $F(0) = R\ 100\ 000$
 $f_a(t)$: 'n funksie wat van 1% na 20% groei oor 'n periode van 40 jaar
 $f_L(t)$: 'n funksie wat begin met 1000, groei tot 2000 en weer afneem na 1000
 S : R 100 000
 p : 5%
 q : 80%
 r : 5.5%



As die parameters hierbo gebruik word, word die volgende grafiek verkry.

Bylaag E : Raamwerk vir besigheidsplan

Afdeling I : Opsomming

Hierdie afdeling moet 'n samevatting van die besigheidsplan bevat. Die samevatting moet nie meer as 2 bladsye wees nie en moet soveel as moontlik illustrasies bevat.

Die opsomming moet die volgende onderwerpe dek.

Oorsig oor die besigheid en die doelwit van die besigheid.

Wat is die behoefte van die klante.

Hoe gaan die behoefte aangespreek word.

Hoe gaan dit finasieel ondersteun word.

Hoe word inkomste gegenereer.

Kompetisie en hoe kompetisie haanteer gaan word.

'n SWOT analise. Dit is 'n blok met vier kwadrante. In die blokke moet die sterk punte, swak punte, geleenthede en bedreigings gelys word.

Afdeling II : Algemene oorsig

A Doelwitte

Verduidelik die doelwit wat die besigheid moet bereik.

B Sleutelfaktore vir sukses

Verduidelik hoe jy gaan weet dat die besigheid sy doelwit bereik het.

Afdeling III : Oorsig oor die besigheid

Hierdie afdeling verduidelik op 'n hoë vlak hoe die besigheid gaan werk, wie dit gaan besit en hoe dit gaan begin.

A Oorsig van operasies

Verduidelik op 'n hoë vlak uit watter komponente die besigheid bestaan en hoe die komponente gaan saamwerk in die bedryf van die besigheid.

B Eienaarskap van die besigheid

Verduidelik watter regs persoon die besigheid gaan gebruik. Gaan dit 'n maatskappy, trust, vereniging ens. wees? Verduidelik wie die eienaars gaan wees. As dit 'n maatskappy gaan wees, moet daar aandeelhouders wees en die aandeelhouders moet direkteure aanstel.

As jy wil besigheid doen met die staat of met groot maatskappye, dan moet jy ook aan vereistes van swart bemagtiging voldoen. 'n Sekere persentasie van die aandele moet in die hande van swartmense wees, om beskou te kan word as 'n swart bemagtigingsmaatskappy. As jy dit nie doen nie, mag die staat of groot maatskappye nie met jou besigheid doen nie.

C Plan hoe om die besigheid te begin

Verduidelik die stappe wat geneem gaan word om die besigheid te begin.

D Geriewe van die besigheid

Gee 'n uiteensetting van die geriewe wat die besigheid nodig gaan hê soos kantoorspasie, telefoonlyne, masjiene ens.

Afdeling IV : Produkte en dienste

Hierdie afdeling behandel aspekte van die produkte en dienste wat die besigheid gaan verkoop.

A Beskrywing van produkte en dienste

Gee 'n uiteensetting van die produkte of dienste wat die besigheid gaan verkoop. Neem in ag dat alle aspekte van die produk deel vorm van die produk. In die geval van 'n motor, bestaan die produk uit die motor self, die waarborg, die finansieringskemas, die inruil van die vorige voertuig, die verskaffing van onderdele, 'n insleepdiens en die onderhoudsplanne.

As jy bv. 'n nuwe motor op die mark bring moet al die faktore in ag geneem word. As die verskaffer nie 'n dienssentrum in 'n sekere gebied het nie, is die motor van min waarde van mense in daardie gebied.

B Ontleding van kompetisie

Gee 'n uiteensetting van ander besighede wat soortgelyke produkte of dienste verkoop. Neem ook in ag heeltemal ander produkte vir die klant dikwels dieselfde waarde verskaf.

C Verkoopsmateriaal

Gee 'n lys van die verkoopsmateriaal wat geskep moet word om die produkte of dienste te verkoop. Dit kan dinge insluit soos brojures, plakkate, proefmodelle, 'n webbladsy of gratis monsters.

D Verskaffers en produksiemiddele

Lys die besighede wat aan jou besigheid moet verskaf. Dis die verskaffers van rou materiale waaruit die besigheid sy produkte of dienste maak. Dit moet ook verskaffers insluit van dinge soos rekenaars en skryfbehoeftes.

As die maatskappy 'n swart bemagtigingsmaatskappy is, dan moet jy ook 'n sekere persentasie van jou aankope by swart maatskappye doen. Dit moet in ag geneem word as jy wil besigheid doen met die staat of groot maatskappye.

E Tegnologie

Beskryf die tegnologie wat die besigheid gaan gebruik om sy produkte en dienste te lewer. Dit kan dinge wees soos masjiene of rekenaartoerusting.

F Toekomstige produkte en dienste

'n Beskrywing van produkte en dienste wat in die toekoms beplan word.

Afdeling V : Markanalise

Hierdie afdeling beskryf die mark waarin die besigheid gaan funksioneer.

A Marksegmentasie

Die mark waarin die besigheid kan opgedeel word in verskillende segmente. Daar is nie algemene reëls vir marksegmente nie, maar moet vir elke mark uitgewerk word.

'n Tipiese hoëvlak segmentasie kan segmente soos eindverbruikers en besighede insluit. Neem motors as 'n voorbeeld. 'n Motorhandelaar verkoop aan besighede en privaatpersone. Besighede kan weer opgedeel word in klein, medium en groot. Privaatpersone kan weer onderskei word in studente, werkende mense en pensioenarisse. In die breë het hierdie verskillende marksegmente verskillende behoeftes, en jy moet besluit op watter segment jy gaan fokus, en wat die behoeftes van hierdie segment is.

Beskryf ook op watter segment die besigheid gaan fokus.

B Strategie om teikenmark te bereik

i Behoeftes van die mark

Beskryf die behoeftes wat raakgesien word in die mark, wat die besigheid gaan aanspreek met sy produkte of dienste.

As 'n voorbeeld kan ons weer motors neem. Die behoeftes van studente is bv. om 'n goedkoop motor te hê. Die behoeftes van besighede is om 'n betroubare motor te hê.

ii Tendense in die mark

Beskryf die tendense in die mark. Is dit besig om te groei of te krimp? Is daar groei in spesifieke segmente?

iii Groeipotensiaal van die mark

Gee 'n aanduiding van die potensiële hoeveelheid klante vir die produk of diens, en 'n realistiese beraming van die marktaandeel wat die besigheid in daardie mark kan behaal.

C Industrie analise

i Spelers in die industrie

Gee 'n oorsig van al die spelers in die mark. Dit sluit in verskaffers, klante, kompetisie, regulerende liggame ens.

ii Distribusiekanale wat gebruik word in industrie

Beskryf hoe die besigheid sy produk of diens by die klant gaan kry.

Afdeling VI : Strategie vir implementering

Gee 'n oorsig van die strategie (langtermyn plan) wat gevolg gaan word om die doelwit te bereik.

A Strategiese piramides

'n Strategiese piramide word gebruik om te verseker dat die projekte wat beplan word in lyn is met die strategie van die besigheid. Die strategiese piramide beskryf die strategie van die besigheid heel bo. Dan lys dit al die taktieke wat uitgevoer gaan word om die strategie uit te voer en daarna al die besigheidsaktiwiteite wat volg uit die taktieke. Die piramide maak seker dat al die besigheidsaktiwiteite bydrae tot die uitvoering van die strategie.

B Waardeproposisie

Verduidelik die waarde wat die besigheid aan sy klante gaan verskaf. Waarde kan opgedeel word in verskillende kategorieë:

- a) Jy kan die klant geld of tyd spaar.
- b) Jy kan die klant in staat stel om meer geld te maak of meer van sy klante te bedien in dieselfde tyd.

C Voordeel bo kompetisie

Daar kan ander besighede wees wat dieselfde soort produk of diens aanbied. Dink mooi oor die waarde wat jou produk gee. As jy sê dat mense 'n behoefte aan motors het, dan is die verskaffers van ander motors jou kompetisie. As jy sê dat mense 'n behoefte aan vervoer het, dan moet jy ook in ag neem dat alternatiewe vorme van vervoer soos treine, busse en motorfietse ook kompetisie kan wees.

D Bemakingstrategie

i Posisionering

Jou besigheid moet iets uniek bied in die gebied waar hy werk. Dit kan laagste pryse wees, vriendelike diens, unieke kenmerke, maklike toeganklikheid, ens.

ii Pryse

Om jou pryse te bepaal, moet jy kyk na die pryse wat kompetisie bied. Jou prys moet 'n motivering wees om by jou te koop. As jy dieselfde produk as iemand anders bied, moet jy 'n laer prys vra, tensy jy iets het wat die kompetisie nie het. Jy kan miskien nader wees aan baie klante. Indien jou produk beter kwaliteit is, kan jy 'n hoër prys vra, maar dan moet jy kan verduidelik waarom die hoër kwaliteit van waarde is vir die klant. Die hoër kwaliteit moet deel vorm van die besigheid se posisionering.

iii Promosieplan

Verduidelik hoe jy gaan kommunikeer met potensiële klante sodat hulle weet van jou besigheid en jou produkte. Dit kan advertensies, plakkate, 'n webbladsy, aansluiting by 'n bemakingsorganisasie of direkte besoeke insluit.

Die promosieplan maak gebruik van jou marksegmentasie. Vir elke marksegment moet jy 'n ander promosieplan hê. Om studente te bereik moet jy dalk plakkate

opplak by die universiteitskampus. Om die pensioenarisse te bereik moet jy 'n advertensie plaas in die plaaslike koerant.

iv Distribusieplan

Verduidelik hoe die distribusiekanale gebruik gaan word om die produk te verspei aan die klante.

E Verkoopstrategie

v Verkoopprojeksies

Om jou finansies uit te werk, moet jy 'n idee hê hoeveel produkte jy gaan verkoop. Om dit te doen moet jy sekere aannames maak en dan uitwerk hoeveel mense moontlik jou produk gaan koop.

As jy beplan om te adverteer, weet jy min of meer aan hoeveel mense die advertensie versprei gaan word. Dan maak jy 'n aanname van hoeveel mense wat die advertensie sien gaan belangstel in die produk en jou besigheid gaan kontak. 'n Sekere persentasie van hierdie mense gaan dan uiteindelik koop.

Indien jy 'n winkel het, moet jy weet hoeveel mense verby jou winkel stap of ry. Dan kan jy weer aannames maak oor hoeveel mense gaan inkom, en dan uiteindelik gaan koop.

vi Verkoopprogramme

As jy projeksies gemaak het van verkope, moet jy 'n plan uitwerk om hierdie projeksies te realiseer. As jy wil adverteer, moet jy in jou plan insluit waar en wanneer en by watter koerant jy gaan adverteer. Dan moet jy 'n plan hê om die potensiële klante te kan bedien as hulle jou kontak en om aan hulle promosiemateriaal te verskaf as hulle belangstel.

Afdeling VII : Bestuur

A Organisasiestruktuur

Verduidelik hoe jou organisasie gaan lyk. Watter mense gaan daar wees, en watter posisies gaan hulle beklee.

As jy 'n swart bemagtigingsmaatskappy moet wees, moet jy ook sorg dat 'n sekere persentasie van die mense in sekere posisies swart is.

B Bestuurspan

Beskryf wie die bestuurspan gaan wees en wat hulle kwalifikasies en ondervinding is. Jy moet seker wees dat die besigheid deur bekwame mense bestuur word. In jy finansiering soek vir jou besigheid, wil die bank ook weet of die bestuurspan bekwaam is.

C Personeelplan

Beskryf hoeveel personeel jy gaan nodig hê. Indien personeel opleiding gaan nodig hê, moet dit ook beskryf word.

Afdeling VIII : Finansiële plan

A Belangrike aannames

Om geprojekteerde inkomstes en uitgawes te bereken, moet jy aannames maak. Eerstens is daar die geprojekteerde verkope wat reeds aangespreek is in 'n vorige afdeling. Verder moet jy 'n indikasie hê wat die kostes gaan wees om die besigheid te bedryf. Sommige van die kostes kan jy gaan uitvind, maar sommige sal jy moet skat. Al hierdie geskatte kostes moet jy lys onder jou aannames.

B Geprojekteerde inkomstes en uitgawes

Plaas jou geprojekteerde inkomstes en uitgawes in 'n inkomste staat vir die volgende 3 jaar. Die volgende items moet tipies daarin verskyn.

- a) Verkope
- b) Kommissie aan mense wat verkoop
- c) Kostes van materiaal
- d) Salarisse
- e) Huur vir kantoor / fabriekspasie
- f) Rente op lenings
- g) Skryfbehoeftes / gereedskap / rekenaars
- h) Elektrisiteit, water, telefoonkoste, datalyne

C Geprojekteerde kontantvloei

Aangesien daar soms tyd verloop tussen die tyd dat jy 'n produk verkoop en dat jy die geld daarvoor kry, moet jy ook 'n kontantvloei-diagram doen, om seker te maak dat jy altyd genoeg kontant gaan hê om te betaal vir jou uitgawes.

D Geprojekteerde balansstaat

Die bates en laste oor die volgende 3 jaar word in die balansstaat geplaas. Onthou, bates is dinge wat jy besit wat vir jou geld maak. Laste is dinge wat jy aan ander skuld.

E Berekening van gelykbreekpunt

Aan die begin gaan jy baie kostes moet aangaan om die besigheid aan die gang te kry. Wanneer jy begin om inkomste te genereer gaan dit eers klein wees en dan groei. Dit gaan dus 'n rukkie neem voordat jou inkomste vir al jou uitgawes gaan betaal, en nog langer totdat jou inkomste al die uitgawes afbetaal het wat jy in die verlede gemaak het. Die gelykbreekpunt is die punt wanneer jy meer inkomstes genereer as wat jou uitgawes (insluitende lenings om die besigheid aan die gang te kry) is. Jy moet die tydperk bereken wat dit neem totdat jy hierdie gelykbreekpunt bereik. Vir 'n klein besigheid behoort dit tipies 6 maande te wees.